

KOÖPERATIEWE VERSEKERING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE VERSEKERINGSAKTIWITEITE

VAN SENTRAAL WESTELIKE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY BEPERK

deur

JOHANNES LODEWIKUS VAN DER WALT

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die

graad

MAGISTER COMMERCII

(Bedryfseksonomie)

in die

Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR PROF. DR. D.J. VILJOEN

NOVEMBER 1978

VOORWOORD

Graag wil ek my dank betuig teenoor die persone en organisasies wat in verskillende opsigte bygedra het om hierdie studie moontlik te maak.

'n Besondere woord van dank aan my promotor, Prof. Dr. D.J. Viljoen vir sy moeite en bereidwilligheid om te alle tye my van hulp en raad te voorsien.

My dank ook aan mnr. G.C. Pienaar, die versekeringsbestuurder van Sentraalwes vir die hulp wat hy my verleen het.

INHOUDSOPGAWEBladsyHOOFSTUK IINLEIDING 1

1.1	Algemeen		1
1.2	Doel van die studie		2
1.3	Uiteensetting van die studie		2
1.4	Metode van ondersoek en probleme ondervind		3

HOOFSTUK 2DIE AARD EN OMVANG VAN VERSEKERING 4

2.1	Inleiding		4
2.2	Omskrywing van versekering		4
2.3	Belangrikheid van versekering		6
2.3.1	Versekering bring sekerheid by besigheidsaktiwiteite		6
2.3.2	Versekering verhoog die onderneming se effektiwiteit		6
2.3.3	Versekering dra by tot 'n regverdige verdeling van koste		7
2.3.4	Versekering dien as 'n basis vir krediet		7
2.3.5	Die kapitalisering van die verdiensteopbrengs		8
2.3.6	Versekering maak spare moontlik		8
2.3.7	Versekering as investering		9
2.3.8	Versekering bevorder spaarsin		9
2.3.9	Die belangrikheid van versekering vir die gemeenskap		9
2.4	Risiko's		11
2.4.1	Persoonlike risiko's		11
2.4.2	Eiendomsrisiko's		11
2.4.3	Risiko's wat ontstaan uit wettige verpligtinge		12
2.4.4	Suiwer en spekulatiewe risiko's		12

2.4.5	Fundamentele en besondere risiko's	13
2.4.6	Hantering van risiko's	13
2.4.7	Landbourisiko's	14
2.5	Koöperatiewe versekering	16
2.5.1	Omskrywing	16
2.5.2	Beginnels en eienskappe van koöperatiewe versekering ..	17
2.5.3	Die belangrikheid van koöperatiewe versekering	19
2.6	Samevatting	21

HOOFSTUK 3

	<u>KOÖPERATIEWE VERSEKERINGSORGANISASIES IN SUID-AFRIKA</u>	22
3.1	Inleiding	22
3.2	Die veld wat deur koöperatiewe versekering gedek word.	22
3.2.1	Primêre verbruikerskoöperasies	22
3.2.2	Sentrale verbruikerskoöperasies	23
3.2.3	Federale verbruikerskoöperasies	23
3.2.4	Koöperatiewe versekering deur vakbonde	23
3.2.5	Versekeringsorganisasies vir koöperatiewe werknemers ..	24
3.3	Die ontstaan en die ontwikkeling van Sentraoes Koöperatief Beperk	24
3.3.1	Ontstaan en ontwikkeling	24
3.3.2	Belangrike polisvoorwaardes van Sentraoes	26
3.3.3	Herversekering deur Sentraoes	29
3.3.4	Omvang van haelversekering	29
3.3.5	Omvattende oesversekering	30
3.4	Die ontstaan en ontwikkeling van Sentraboer (Koöperatief) Beperk	33
3.4.1	Die ontstaan en ontwikkeling	33
3.4.2	Die belangrikheid van Sentraboer vir die polishouer ...	35
3.4.3	Omvang van Sentraboer se besigheid	36
3.5	Moontlike amalgamasie van Sentraboer en Sentraoes	38

3.6 Samevatting	38
-----------------------	----

HOOFSTUK 4

VERSEKERINGSAKTIWITEITE VAN SENTRAAL WESTELIKE KOÖPERATIEWE

<u>MAATSKAPPY BEPERK</u>	40
4.1 Inleiding	40
4.2 Die organisasie van die versekeringsafdeling	40
4.3 Prosedure by die plasing van versekering	43
4.3.1 Versekering by Sentrafoer	43
4.3.2 Versekering by Sentraoes	47
4.4 Afhandeling van eise	48
4.4.1 Sentrafoer	49
4.4.2 Sentraoes	49
4.5 Die omvang van Sentraalwes se aktiwiteite	53
4.6 Versekering van Sentraalwes se eie bates	54
4.7 Vergoedingstelsel vir werwers	55
4.7.1 Salaris alleen	55
4.7.2 Kommissie alleen	56
4.7.3 Salaris plus kommissie	56
4.7.4 Sentraalwes se posisie	57
4.8 Beheermaatreëls	58
4.9 Samevatting	59

HOOFSTUK 5

PROBLEME WAARMEE DIE KOÖPERASIE TE DOEN HET

<u>BY DIE AANBIEDING VAN VERSEKERING</u>	61
5.1 Inleiding	61
5.2 Mededinging	61

5.3	Kommunikasie met polishouers	63
5.4	Die riskantheid van sekere polisse in die portefeulje	64
5.5	Die bemarking van versekering	65
5.6	Die afhandeling van eise	66
5.7	Wetlike beperkings	68
5.8	Tipe polis wat aangebied word	69
5.9	Samevatting	70

HOOFSTUK 6

	<u>SAMEVATTING</u>	71
6.1	Die aard, omvang en belangrikheid van versekering	71
6.2	Koöperatiewe versekeringsorganisasies	72
6.3	Versekeringsaktiwiteite van Sentraalwes en probleme wat onder- vind word by die aanbieding van versekering.	72

H O O F S T U K 1

INLEIDING

1.1 Algemeen

Boerdery is 'n baie riskante beroep en dit is noodsaaklik dat daar 'n tipe van beskerming aan die boer verleen word om sodoende 'n mate van sekereheid en stabiliteit in sy werksaamhede te bring.

Hierdie beskerming word verleen deur versekering uit te neem en daardeur die risiko oor te dra na die versekeringsmaatskappy.

Ons tref vandag 'n groot aantal versekeringsmaatskappye aan wat 'n groot verskeidenheid versekering bied. Enige persoon is vry om een van hierdie maatskappye te nader vir versekering teen risiko's. Dit berus dan by die maatskappy of hy versekering gaan aanbied of nie.

Behalwe gewone versekeringsmaatskappye kry ons ook koöperatiewe versekeringsorganisasies. Waar die gewone versekeringsmaatskappye versekering aan enige persoon mag aanbied, is die koöperatiewe versekeringsorganisasie beperk ten opsigte aan wie hy versekering mag bied. Hierdie maatskappy se hoofsaaklike doel is om versekering aan boere te verleen. Behalwe boere is daar egter ook nog ander persone wat volgens wet goedgekeur is om by die koöperatiewe versekeringsorganisasie te mag verseker. In hoofstuk 5 is daar 'n uiteensetting van wie hierdie persone is.

Daar bestaan twee koöperatiewe versekeringsorganisasies in Suid-Afrika, naamlik Sentrafoer (Koöperatief) Beperk en Sentraoes (Koöperatief) Beperk. Soos ons reeds genoem het, is die hoofsaaklike doel van die twee organisasies om versekering teen risiko's waarmee boere te doen kry in hulle werksaamhede te verskaf, Sentrafoer verskaf algemene korttermynversekering. Hierdie versekering sluit in die versekering teen skades aan voertuie, implemente

geboue, lewende hawe ens. Sentraoes onderneem slegs oesversekering en ons onderskei tussen hael- en omvattende oesversekering. By eersgenoemde word daar slegs dekking gegee teen haelskades en by laasgenoemde teen alle ander natuurrampe.

1.2 Doel van die studie

Hierdie studie handel oor koöperatiewe versekering met spesifieke verwysing na die versekeringsaktiwiteite van Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy hierna genoem Sentraalwes. Die doel is om 'n ontleding te gee van die koöperatiewe versekeringskoöperasies in Suid-Afrika, die ontstaan en die ontwikkeling, sowel as die aard van besigheid wat bedryf word. Aangesien daar min geskryf is oor die agentskapswerk van plaaslike landboukoöperasies by die aanbieding van koöperatiewe versekering, word daar spesifiek verwys na die aktiwiteite van Sentraalwes ten einde meer duidelikheid te gee oor die werksaamhede van die koöperasie in sy optrede as agent vir Sentraaboer en Sentraoes.

1.3 Uiteensetting van die studie

Die studie bestaan uit ses hoofstukke. In hoofstuk 2 wat volg na hierdie inleidende hoofstuk word daar eers 'n omskrywing gegee van wat versekering is, dan volg daar 'n bespreking oor die belangrikheid van versekering asook 'n indeling van verskillende risiko's. Na die bespreking oor gewone versekering volg daar 'n omskrywing van koöperatiewe versekering, daar word aandag gegee aan die beginsels en eienskappe van koöperatiewe versekering, en ten slotte word daar gekyk na die belangrikheid van hierdie tipe versekering.

Hoofstuk 3 handel oor die koöperatiewe versekeringsorganisasies in Suid-Afrika. Hier word 'n oorsig gegee oor die ontstaan en die ontwikkeling van die organisasies asook die aard van versekering wat aangebied word.

In hierdie hoofstuk word daar ook gekyk na 'n moontlike samesmelting tussen die twee organisasies.

Hoofstuk 4 behandel die werksaamhede van Sentraalwes as agent vir Sentraaboer en Sentraoes. Die prosedures wat gevolg word by die plasing van versekering en die afhandeling van eise word behandel en daar volg ook 'n oorsig oor die uitbreiding van aktiwiteite oor die afgelope vyf jaar.

In hoofstuk 5 volg daar sekere probleme wat by koöperatiewe versekering teenwoordig is en hoofstuk 6 is 'n samevatting van die studie.

1.4 Metode van ondersoek en probleme ondervind

Aangesien daar betreklik min geskryf is oor hierdie onderwerp veral wat agentskapswerk betref, was die beskikbaarheid van inligting beperk.

Inligting is hoofsaaklik verkry deur samesprekinge met die versekeringsbestuurder van Sentraalwes asook statistieke wat deur die versekeringsafdeling versamel is. Verder is daar gesteun op inligtingstukke en dokumente wat van Sentraaboer en Sentraoes ontvang is.

H O O F S T U K 2

DIE AARD EN OMVANG VAN VERSEKERING

2.1 Inleiding

Om 'n beter begrip van Sentraalwes se versekeringsaktiwiteite te kry, is dit nodig om vooraf as agtergrond 'n kort oorsig van versekering en veral koöperatiewe versekering te gee. Dit is dan die doel van hierdie hoofstuk om aandag aan hierdie aspekte te gee.

2.2 Omskrywing van versekering

Ons kry verskillende definisies vir die term versekering. Lucas en Wherry (1) definieer dit soos volg: "Insurance might be defined as the social device whereby a number of persons, each of whom is subject to the same risk, contribute to a common fund to compensate the few who actually suffer a loss". Volgens Riegel en Miller (2) is versekering 'n plan of optrede waar risiko's van individue saam gegroepeer word, en 'n fonds opgebou word uit periodieke bydraes van die individue. Skades wat die individu dan moontlik kan ly, word uit dié fonds betaal. Ons sien dus dat hoewel die beskrywing verskil, die bedoeling dieselfde is. Met ander woorde, individue wat onderhewig is aan risiko's maak periodieke betalings wat in 'n sentrale fonds gestort word en indien een van die bydraende individue skade ly, word dit uit die fonds vergoed. Alhoewel die skade van 'n individuele lid veel groter kan wees as sy bydraes, word skadevergoeding moontlik gemaak deur die sentrale fonds wat opgebou is uit die individuele bydraes. Die belangrikheid van die gemeenskaplike storting van bydraes kan dus baie duidelik gesien word.

1. Lucas, G.G.R. and Wherry, R.H. Insurance, principles and coverages, 1965. p.3

2. Riegel, R. and Miller, J.S. Insurance principles and practices. 1949. P.19

Die basis van versekering berus op die wet van groot hoeveelhede of die wet van gemiddeldes. ⁽¹⁾ Ondervinding uit die verlede het getoon dat slegs 'n sekere hoeveelheid van die versekerdes wel skade gaan ly. Hoe groter die aantal versekerdes, hoe groter is die moontlikheid dat verliese vooruit bepaal kan word. Versekeringsmaatskappye kan dus 'n redelik suiwer beraming maak van hulle uitgawes as gevolg van eise wat ontstaan, indien hulle polisse uitreik wat 'n redelike aantal lewens of eiendomme dek.

Daar is sekere vereistes waaraan versekering moet voldoen voordat dit prakties uitvoerbaar is. Ten eerste moet die verlies ontstaan as gevolg van 'n gebeurtenis wat nie verwag was nie, maar wel per ongeluk plaasgevind het. Ten tweede moet die risiko waarteen verseker word nadelige gevolge inhou. Klein risiko's met geringe skade regverdig nie die koste verbonde aan versekering nie. Derdens moet die koste van versekering sodanig wees dat alle persone dit kan bekostig en dit nie net beperk is tot 'n sekere gedeelte van die bevolking nie. Vierdens moet die risiko so wees dat 'n benaderde wiskundige beraming daarvan gemaak kan word. Ten slotte moet daar 'n groot aantal van dieselfde risiko's wees. Indien daar slegs een van 'n bepaalde risiko is, gaan dit voordeliger wees om die risiko self te dra omdat die koste daaraan verbonde te hoog gaan wees. Hoe meer versekerdes daar is, hoe groter is die bedrag wat ontvang word in die vorm van premies, en hoe laer is die koste per individu.

'n Belangrike kenmerk van versekering is die kontrak wat tussen die versekerde en die versekeraar gesluit word. Die basiese beginsels waaraan so 'n kontrak moet voldoen, is dat daar 'n aanbod gemaak en aanvaar moet word; die handeling moet wettig wees; daar moet twee partye betrokke wees en daar moet konsiderasie wees van die party aan wie die belofte gedoen word, met ander woorde, die versekerde. Hierdie konsiderasie is die premie wat aan die versekeringsmaatskappy betaal word.

1. Lucas and Wherry, op cit., p.3

2.3 Die belangrikheid van versekering

Wanneer daar gekyk word na die waarde van versekering moet nie slegs die sigbare voordele in ag geneem word nie, maar ook dié wat nie so duidelik waarneembaar is nie. Versekering vervul talle funksies vir die individu, sowel as vir die gemeenskap. Baie van hierdie funksies word normaalweg aanvaar sonder dat dit eintlik waargeneem word. Die verskillende funksies en belangrikheid van versekering kan onder die volgende hoofde geklassifiseer word. (1)

2.3.1 Versekering bring sekerheid by besigheidsaktiwiteit

Bogenoemde funksie is seker die mees algemene en belangrikste funksie van versekering. Beskerming word verleen teen groot en onsekere verliese in ruil vir klein gereelde betalings. Die versekeringsmaatskappy onderneem om moontlike skades wat die maatskappy mag ly, te vergoed teen die betaling van 'n premie. Indien 'n onderneming seker was van verliese wat kon ontstaan, kon hyself voorsiening daarvoor gemaak het. Omdat hierdie verliese egter nie vooruit bepaal kan word nie, word dit oorgedra na 'n versekeringsmaatskappy wat die onderneming onthef van die las. Versekering speel dus 'n belangrike rol om meer sekerheid by besigheidsaktiwiteite te bring, wat 'n belangrike faktor is by die vooruitgang van 'n onderneming.

2.3.2. Versekering verhoog die onderneming se effektiwiteit

Die teenwoordigheid van risiko's en onsekerheid strem besigheidsaktiwiteite en die uitskakeling van hierdie faktore sal noodwendig lei tot 'n verhoging in effektiwiteit. Die prys van 'n onderneming se produk is 'n aanduiding van die effektiwiteit van 'n onderneming se distribusie en produksiesisteem. Hoe kleiner die risiko, hoe laer sal die prys wees wat 'n onderneming kan vra.

1. Riegel and Miller, op. cit., p.3

Hoe groter die mate van onsekerheid in die onderneming, hoe meer sal die onderneming geneig wees om 'n tipe van "veiligspeel"-beleid te volg. Uitbreiding van besigheidsaktiwiteit en investering sal beperk word en dit sal lei tot 'n nadelige uitwerking op die effektiwiteit van die onderneming. Onsekerheid bring ook mee dat bestuur meer aandag moet skenk aan metodes om risiko's te hanteer, wat kan veroorsaak dat ander aktiwiteite agteruit sal gaan as gevolg van onvoldoende aandag en bestuur.

Deur versekering aan te gaan, kan onsekerhede en risiko's verminder word en die bogenoemde nadele uitgeskakel word.

2.3.3 Versekering dra by tot 'n regverdige verdeling van koste

'n Verder belangrike voordeel van versekering is die korrekte verspreiding van koste. Versekering is gebaseer op groot hoeveelhede risiko's en dit is noodsaaklik om 'n sistematiese metode te vind vir die bepaling van premies. Dit is belangrik vir die sukses van 'n versekeringsonderneming dat koste regverdig na die verskillende polishouers toegedeel word. Elke polishouer moet betaal ooreenkomstig die risiko en koste verbonde aan die tipe versekering wat hy uitneem. 'n Onderneming sal die risiko verbonde aan sy produkte moet skat as hy nie versekering kan aangaan nie. So 'n onderneming sal sy pryse moet verhoog om self voorsiening te maak vir moontlike verliese. Hierdie verhoging van pryse om skades te dek, kan dalk heeltemal uit verhouding wees met die werklike skade wat gely kan word. Versekering verhoed dus dat die verbruiker buitensporige hoë pryse moet betaal as gevolg van verhoging deur ondernemings om moontlike verliese te dek.

2.3.4 Versekering dien as 'n basis vir krediet

Versekering is 'n baie belangrike vereiste vir kredietverlening. Geen verbandlening sal toegestaan word vir die koop van geboue indien die betrokke eiendom nie verseker is nie. 'n Finansieringsmaatskappy sal ook nie finansiering verskaf op 'n voertuig indien daardie voertuig nie verseker

is van die dag dat dit aangekoop is totdat die huurkooptermyn verstryk het nie. Indien die voertuig vernietig word deur 'n brand of deur ander skade, is die finansieringsmaatskappy ten minste seker dat die uitstaande bedrag verhaal kan word uit die bedrag waarvoor dit verseker is. In baie gevalle vereis banke dat lewenspolisse aan hulle gesedeer word om as sekuriteit vir 'n oortrokke rekening te dien.

2.3.5 Die kapitalisering van die verdiensteopbrengs

Die waarde van 'n onderneming word bepaal volgens sy verwagte, toekomstige opbrengsvermoë. Die kapitalisering van die verdiensteopbrengs kan dus as die huidige waarde van 'n reeks geskatte inkomstes in die toekoms beskou word. Gestel 'n stuk toerusting lewer 'n jaarlikse netto opbrengs van R10 000 en die leeftyd van die toerusting is vyf jaar. Die kapitale waarde van die toerusting is dus R38 896, indien die rentekoers teen 9% geneem word. By 'n mens geld dieselfde. Baie persone pas hierdie beginsel toe by persoonlike finansiering met behulp van een of ander tipe versekering. Deur 'n lewenspolis uit te neem kan verseker word dat 'n globale som geld aan die polishouer se afhanklikes uitbetaal word indien hy te sterwe kom. Hierdie uitbetaling kan beskou word as 'n plaasvervanging vir die inkomste wat die polishouer gedurende sy leeftyd sou verdien het. Hierdie beginsel word ook toegepas om die lewe van 'n waardevolle werker te verseker. Die lewenspolis is dus eintlik die gekapitaliseerde verdienste opbrengs van die broodwinner.

2.3.6 Versekering maak spare moontlik

Versekering kan beskou word as 'n plaasvervanger vir gewone spare. Ondernemings kan hulleself beskerm teen risiko's deur gereeld 'n som geld te spaar. Sou daar enige skades ontstaan, word dit verhaal uit die gespaarde bedrag. Die nadeel van die bogenoemde metode is dat skade kan ontstaan nog voordat die gespaarde bedrag groot genoeg is om die skade ten volle te dek. Die voordeel van versekering is dus baie duidelik. Al ontstaan skade 'n dag na 'n polis uitgeneem is, dan word die skade in totaal vergoed al is daar slegs net een premie

betaal.

2.3.7 Versekering as investering

Die investeringselement kom ook ter sprake by versekering, alhoewel dit slegs 'n bykomstigheid is. Die investeringseienskap kom veral voor by lewensversekering waar gereelde premies betaal word. Die premie wat by die uitneem van die polis betaal word, is eintlik te groot vir die risiko. Die waarskynlikheid dat die versekerde onmiddellik na die uitneem van die polis te sterwe kom, is baie klein. Hierdie aanvangspremie maak egter voorsiening vir die premies wat weer te laag is wanneer 'n persoon 'n hoë ouderdom bereik het, en die risiko veel hoër is. Die addisionele bedrae wat in die beginjare van die polis gevorder word, kan beskou word as spare waarop rente verdien word. Die premies wat op hierdie manier deur versekeringsmaatskappy ontvang word, verdien aansienlike rente.

2.3.8 Versekering bevorder spaarsin

In baie gevalle vind mense dit moeilik om te spaar. 'n Aanmoediging kan 'n spaargewoonte laat ontwikkel, terwyl sonder so 'n aanmoediging 'n persoon dalk glad nie sou oorgaan tot so 'n stap nie. Versekering is hierdie aanmoediging wat spaarsin bevorder. 'n Polishouer is verplig om sy premies gereeld te betaal en versekeringsmaatskappye herinner hom gewoonlik as sy premies agterstallig is. Op hierdie manier leer 'n persoon die gewoonte aan om te sorg dat daar altyd geld beskikbaar is om sy premies te betaal. Hierdie geld wat opsy gesit word vir premies sou normaalweg vir ander dinge gebruik word. 'n Verdere voordeel van versekering is die feit dat geen onttrekkings kan plaasvind nie. Die bedrag bly dus onaangetas.

2.3.9 Die belangrikheid van versekering vir die gemeenskap

Die voordele wat tot sover genoem is, het betrekking gehad op individue en spesifieke partye. Benewens hierdie voordele vervul versekering ook 'n

belangrike rol in die gemeenskap en word almal bevoordeel deur die effek wat dit het.

Brandversekering en ander tipes van versekering is belangrik vir 'n stabiele besigheid. Indien 'n onderneming vernietig word, is dit nie slegs tot nadeel van die betrokke onderneming nie, maar die hele gemeenskap word daardeur geraak.

Ongevalle- en werkloosheidsversekering bring groot verligting vir die hele gemeenskap. Die versorging van afhanklikes berus nou nie by die gemeenskap nie, maar deur middel van versekering word hulle vrygestel van die las.

Alle tipes van versekering is verantwoordelik vir die handhawing van 'n lewensstandaard. Dit voorkom agteruitgang en armoede wat die oorsake is vir 'n verlaging in die lewensstandaard.

Versekering bring 'n beter verspreiding van kostes mee as gevolg van skades. Veronderstel 'n woonstelgebou word beskadig. Die inwoners ten tye van die skade se huurgeld sal waarskynlik verhoog word om die koste te help dek. Vroeëre inwoners word dus glad nie geraak nie. Indien die woonstelgebou egter verseker was, sou daar voorsiening vir die versekeringspremie by die paalement ingesluit gewees het en alle inwoners sou eweredig bygedra het.

Versekering akkumuleer 'n groot som geld in die vorm van premies wat doeltreffend in die ekonomie geïnvesteer kan word.

Versekering maak dit moontlik vir klein ondernemings om met groot ondernemings te kompeteer. Alle ondernemings is onderhewig aan risiko's. Klein ondernemings is egter nie in staat om groot risiko's op hulself te neem nie, terwyl groot ondernemings fondse opbou ten einde as beskerming teen groot verliese te dien.

Aangesien die onderwerp handel oor koöperatiewe versekering sal daar in paragraaf 2.6 aandag gegee word aan koöperatiewe versekering en spesifiek die voordeel wat dit vir die boer inhou.

2.4 Risiko's

Versekering wat so belangrik vir die individu en gemeenskap is, is op risiko's gebaseer. Dit is dus eintlik die teenwoordigheid van risiko's wat versekering noodsaaklik maak. Die woord risiko word gebruik om onsekerheid aan te dui.

In terme van versekering is risiko dít waarteen verseker word. Ons kry verskillende definisies vir die term. Willet ⁽¹⁾ definieer dit as "the objectified uncertainty regarding the occurrence of an undesirable event". Pfeffer ⁽²⁾ definieer risiko as "a combination of hazards measured by probability". Vir ons doel kan risiko beskou word as die moontlikheid dat skade kan ontstaan.

Ons tref verskillende klassifikasies of indelings van risiko's aan. Lucas and Wherry ⁽³⁾ gee die volgende indeling:

2.4.1 Persoonlike risiko's

Hierdie risiko's het te doen met dood, asook die tyd waarop dit voorkom. Die feit dat 'n persoon te sterwe gaan kom is definitief, maar die tydstip wanneer dit gaan gebeur kan nie bepaal word nie.

2.4.2 Eiendomsrisiko's

Hierdie risiko's spruit voort uit die vernietiging van eiendom. Skades kan

1. Willet, A. The economic theory of risk and insurance. 1951. p.6
2. Pfeffer, I. Insurance and economic theory. 1956. p.42.
3. Lucas and Wherry, op cit. p.17

byvoorbeeld veroorsaak word deur hael, vuur, water, ensovoorts. Aangesien hierdie studie gaan oor versekering aan die boer, is dit belangrik om te noem dat eiendomsrisiko's een van die groot risiko's is waarteen boere verseker. Hierdie tipe risiko's word dan ook verseker deur Sentraalboer wat alle korttermyn versekering, oesversekering, uitgesluit vir die boer, doen.

2.4.3 Risiko's wat ontstaan uit wettige verpligtinge

'n Voorbeeld van hierdie risiko is wanneer 'n persoon aanspreeklik gehou word vir skade aan 'n ander se eiendom. Die persoon wat die versekering uitneem, ontvang geen direkte vergoeding by die plaasvind van die gebeurtenis waarvoor hy verseker het nie. Die versekerde word egter vrygestel van 'n eis teen hom as gevolg van sy optrede.

'n Ander klassifikasie wat ons kry, is die verdeling tussen spekulatiewe risiko's en suiwer risiko's en tussen fundamentele en besondere risiko's. (1)

2.4.4 Suiwer en spekulatiewe risiko's

By spekulatiewe risiko's kan daar of 'n verlies of 'n wins wees. Hierdie risiko ontstaan as gevolg van prysdalings of prysstygings. 'n Verhoging in prys veroorsaak 'n wins vir ondernemings met groot voorrade, terwyl 'n daling tot verliese lei. By suiwer risiko's kan daar slegs 'n verlies of geen verlies wees nie. Die rede dat daar onderskeid gemaak word tussen die twee tipes risiko's, is omdat die metode van versekering verskil. By spekulatiewe risiko's word daar gebruik gemaak van termyndekking - transaksies, goedere word teen huidige pryse verkoop vir toekomstige aflewering. By suiwer risiko's word daar gebruik gemaak van gewone versekering.

2.4.5 Fundamentele en besondere risiko's

Fundamentele risiko's is onpersoonlik ten opsigte van oorsprong en gevolge. Die skade word veroorsaak deur 'n groep en is tot nadeel van 'n groep. Die meeste fundamentele risiko's se oorsprong vind mens in die ekonomiese, politiese en sosiale interafhanklikheid van die gemeenskap. Tegnologiese ontwikkeling wat lei tot werkloosheid, oorlog, inflasie, ensovoorts, is ook bronne van fundamentele risiko's.

Besondere risiko's aan die ander kant, ontstaan uit verliese wat veroorsaak word deur individue, byvoorbeeld diefstal.

2.4.6 Hantering van risiko's

Een tegniek wat aangewend kan word, is om risiko's te verminder. Risiko's kan byvoorbeeld verminder word deur uitbreiding van kennis. Ondernemings kan deur navorsing en vooruitskattings meer te wete kom oor die toekoms om sodoende risiko's te verminder.

'n Tweede groep metodes is om risiko's uit te skakel, of die nadelige uitwerking daarvan te verminder. Indien 'n onderneming al sy kontant wat gedurende 'n dag ontvang word bank, word die risiko van diefstal uitgeskakel. Die aanbring van brandblussers kan die skade deur brand veroorsaak, heelwat verminder.

'n Derde metode om risiko's te hanteer, is om dit oor te dra aan 'n ander party. Die mees algemene metode wat ons hier kry is versekering. Die versekerde dra sy risiko oor aan die versekeringsmaatskappy wat onderneem om die skades wat moontlik kan ontstaan, te vergoed.

Vierdens kry ons die retensie of selfaanvaarding van risiko's. Onder hierdie metode aanvaar 'n persoon die risiko, maar geen stappe word aangewend om die risiko te verminder, of oor te dra nie, óf hy kan gebruik maak van selfverse-

sekering. 'n Fonds word opgebou waaruit skades dan betaal word.

2.4.7 Landbourisiko's ⁽¹⁾

Aangesien die studie handel oor koöperatiewe versekering en in besonder die versekering van die risiko's van die boer, is dit nodig om 'n uiteensetting te gee van die risiko's waarmee boere te doen kry. Landbou-risiko's word verdeel in natuurlike risiko's, sosiale risiko's en ekonomiese risiko's, afhangende van die oorsaaklike faktore.

2.4.7.1 Natuurlike risiko's

Natuurlike landbourisiko's is daardie risiko's wat daaglik in die natuur voorkom en inherent aan die boerderybedryf is. Hierdie risiko's is die oorsaak dat daar nie 'n akkurate vooruitskatting of berekening van oesopbrengste gemaak kan word nie.

Die invloed van natuurlike risiko's op die produsering van landbouprodukte is tweërlei van aard. Eerstens het dit 'n nadelige invloed op produksie soos in die geval van droogtes en tweedens kan dit lei tot die vernietiging van bates, byvoorbeeld die dood van veë as gevolg van 'n weerligstraal.

2.4.7.2 Sosiale risiko's

Onder sosiale risiko's verstaan ons risiko's wat veroorsaak word deur sosiale faktore. Dit sluit diefstal, brandstigting en tegnologiese veranderinge en vooruitgang in.

Alhoewel brand 'n natuurlike oorsaak soos weerlig mag hê, kan dit ook ontstaan as gevolg van die nalatige optrede van arbeiders, of selfs deur moedswillige

optrede. Aangesien die produksiemiddele asook boerderyprodukte meestal in die opelug is, kan die risiko van brandskade baie groot wees. Die boer is nes die nyweraar ook onderhewig aan diefstal. Die risiko mag selfs groter wees vir die boer omdat sy produk in die meeste gevalle nie toegesluit kan word nie.

'n Verdere faktor wat bydra om risiko's in die landbou te vergroot, is die snelle ontwikkeling op tegnologiese gebied. Meganisasie dra by tot verhoogde produksie, maar bring terselfdertyd verhoogde risiko mee, onder andere dat produksiemiddele soos trekkers onderhewig is aan ongelukke, brand en diefstal. Verder is daar ook die persoonlike risiko's met betrekking tot werkers by die hantering van masjinerie.

Meganisasie bring verder mee dat die koste per eenheid geproduseerde produk, soos byvoorbeeld per sak mielies, baie sal styg as produksie as gevolg van 'n natuurramp daal. Dit bring mee dat ekonomiese verliese groter is as wat dit was toe boerderymetodes en tegnieke nog nie so ver ontwikkel was nie.

2.4.7.3 Ekonomiese risiko's

Behalwe natuurlike en sosiale risiko's waaraan landbou onderhewig is, kry ons ook nog ekonomiese risiko's soos prysfluktuasies.

Eerstens kan die boer nie sy toekomstige produksie akkuraat bepaal nie, aangesien sy produksie van 'n reeks onbepaalbare faktore afhanklik is. Hierdie faktore lei dus daartoe dat die boer se produksiebeplanning op 'n skattingsbasis berus en kosteberekening bemoeilik.

Tweedens moet daarop gelet word dat die landbousektor uiters gevoelig is vir prysskommeling. Indien dit blyk dat pryse sodanig verander dat dit nie meer winsgewend is om te boer nie, vind die boer dat omskakeling na 'n ander bedryfstak moeiliker is as in die geval van ander bedrywe.

Derdens moet daar altyd in gedagte gehou word dat daar by die landbou 'n aansienlike tydsverloop tussen die besluit om produksie te varieer, en die werklike inkrimping of uitbreiding van produksie kan wees. Dit lei op sy beurt tot sikliese skommeling in produksie wat ook 'n sikliese invloed op die pryspeil kan hê.

2.5 Koöperatiewe versekering

Risiko's word uitgeskakel deur dit oor te dra na 'n versekeringsmaatskappy. Behalwe algemene versekeringsmaatskappye, is daar ook nog koöperatiewe versekeringsondernemings wat dekking teen risiko's verleen. Versekering geskied egter hier volgens koöperatiewe beginsels.

2.5.1 Omskrywing

Voordat ons koöperatiewe versekering omskryf, is dit nodig om te kyk na wát 'n koöperasie is. Wanneer daar gepraat word van koöperatiewe versekering, is dit tog die aangaan van versekering volgens die beginsels wat neergelê is vir die funksionering van 'n koöperasie.

Daar is verskillende omskrywings vir 'n koöperasie:

"Kaarletho" ⁽¹⁾ omskryf 'n koöperasie soos volg: "The co-operative is an agency formed by a plurality of firms or households - the members of the co-operative - the objects of which is to act as a firm of its members by carrying out economic activities directly serving their members' operations in a manner most advantageous for all of them". Pretorius ⁽²⁾ omskryf 'n koöperasie as 'n assosiasie wat deur deelnemende lede gestig word met die doel om wettige ekonomiese aktiwiteite namens en ten behoeve van sy lede

1. Kaarletho, P. On the economic nature of co-operation; p. 31
2. Pretorius, A.M. Sentrale landboukoöperasies met besondere verwysing na die Sentrale versekeringskoöperasies in Suid-Afrika. p.6

te verrig sonder om winsbejag vir die assosiasie te beoog, maar wel om lede se individuele winsstrewe te maksimeer.

'n Koöperasie kan dus omskryf word as 'n groep persone wat vrywillig 'n organisasie stig met onbeperkte lidmaatskap en wie se fondse gesamentlik gehou word vir die uitbreiding van gemeenskaplike belange. 'n Koöperasie berus dus op 'n demokratiese beginsel. Alle lede word gelyk behandel en surplusse wat ontstaan, word toegedeel volgens gebruikmaking van die fasiliteite wat deur die koöperasie verskaf word. By koöperatiewe versekering sal ons dus ook 'n organisasie kry wat vrywillig gestig is deur lede met gemeenskaplike belange vir die beskerming van hulle belange. Die koöperatiewe versekeringsorganisasie tree dus slegs op vir lede en enige surplusse wat ontstaan, word uitgekeer of aangewend tot voordeel van die lede.

2.5.2 Beginnels en eienskappe van koöperatiewe versekering ⁽¹⁾

2.5.2.1 Lidmaatskap

Soos reeds genoem is die koöperatiewe maatskappy 'n organisasie wat vrywillig gestig is deur lede. Die koöperatiewe versekeringsmaatskappy word dus ook vrywillig gestig vir die belang van die koöperasielede. Om by 'n koöperatiewe versekeringssentrale te verseker, moet 'n persoon lid wees van 'n koöperasie. Die koöperasie tree op as agent vir die koöperatiewe versekeringsmaatskappy. Aangesien lidmaatskap slegs tot lede van 'n koöperasie beperk is kry ons 'n noue band tussen die lid en die maatskappy. Hierdie loyaliteitsgevoel ontbreek by ander versekeringsmaatskappye. 'n Koöperatiewe versekeringsmaatskappy is ook beter in staat om risiko's te selekteer as 'n openbare maatskappy. Omdat koöperatiewe versekeringsmaatskappye in bepaalde streke, deur middel van koöperasies optree, kan hy elke risiko ondersoek en ook 'n beter bepaling van skades maak.

1. Pretorius, A.M., op cit. p.91.

Die seleksie van risiko's verminder die intensiteit van risiko's en dit lei tot laer tariewe.

Die lojaliteitsgevoel bring ook mee dat lede self sekere swak risiko's, of persone wat op 'n onwettige manier voordeel wil trek uit die versekeringsmaatskappy, uitwys.

2.5.2.2 Bestuur

Die koöperatiewe versekeringsmaatskappy word beheer deur 'n bestuur wat gekies word deur lede. Die maatskappy word dus op 'n demokratiese wyse bestuur. Lede van die verskillende streke kies elkeen hulle eie direkteur wat namens hulle optree. Lede het dus deelname in die bestuur van die maatskappy via hulle bepaalde direkteur.

2.5.2.3 Die vermindering van risiko's

Daar is verskillende metodes om risiko's te verminder alhoewel die koöperatiewe versekeringsmaatskappy nie van almal gebruik maak nie. 'n Metode wat byvoorbeeld nie gebruik word nie, is die afkeuring van bewoners van sekere gebiede. 'n Metode wat aangewend word, is die vermindering van risiko's deur informasie en advies aan lede. Lede word ingelig oor moontlike oorsake en bronne van verliese. Inligting word verskaf oor hoe om hierdie risiko's uit te skakel, of te verminder.

'n Tweede metode wat aangewend word om risiko's te verminder, is deur seleksie. Soos reeds genoem, tree koöperasies in verskillende streke op. Koöperasies is dus in staat om risiko's te ondersoek en 'n seleksie te maak. Skadevergoeding word sodoende beperk en dit is die rede waarom koöperatiewe versekering teen laer tariewe aangebied kan word.

'n Ander metode om risiko's te verminder is deur inspeksie. Hierdie metode word veral by die versekering van geboue aangewend. Die konstruksie, die

soort dak, die aanwesigheid van weerligafleiers en brandblussers word alles in ag geneem by die bepaling van risiko verbonde aan die gebou. Deur inspeksie kan verseker word dat die gebou aan alle vereistes wat deur die versekeringsmaatskappy neergelê word voldoen. Inspeksie is ook nodig om te kyk dat die risiko nie verander nie, veral waar daar aan geboue verbreek en verbou word. By die beplanning van 'n gebou kan maatreëls soos brandbestande verf en die kompartementering van die ruimte in die gebou, insluitende die dakruimtes, baie help ten einde die verspreiding van brand te beperk.

Laastens kan risiko's verminder word deur sekere beperkings op die polis te plaas.

2.5.2.4 Die bemarking van koöperatiewe versekering

By die koöperatiewe versekeringsondernemings kan lede wat belangstel in versekering nie direk na versekeringsonderneming gaan soos in die geval van gewone versekeringsmaatskappye nie. Die verskillende plaaslike koöperasies doen versekering vir die koöperatiewe versekeringsmaatskappye. Die koöperasie tree dus op as die agent en stel op hulle beurt weer verteenwoordigers aan wat lede besoek en by wie polisse dan uitgeneem kan word. Lede kan egter self ook by die koöperasie hulle versekering doen.

Die versekeringsverteenwoordiger verrig 'n belangrike funksie, veral met betrekking tot die bekendstelling van koöperatiewe versekering aan lede. Koöperasielede is dikwels nie bewus van die belangrikheid van versekering nie, en besef nie die omvang van die risiko's waaraan hulle blootgestel is nie. Verteenwoordigers moet dus die lid op die belangrikheid van versekering wys, asook die omvang van risiko's waarteen verseker moet word.

2.5.3 Die belangrikheid van koöperatiewe versekering

Koöperatiewe versekeringsmaatskappye verleen gewaarborgde dekking aan

polishouers in ruil vir 'n vaste premie. Wat veral van belang vir polishouers is, is dat versekering in baie gevalle teen 'n laer tarief geskied as by gewone versekeringsmaatskappye. Die rede vir die laer premie is as gevolg van verliese wat beperk word deur die vermindering van risiko's. Die persoonlike band wat daar bestaan tussen die lid en die maatskappy maak dit moontlik dat risiko's verminder kan word.

Wat verder van belang is by koöperatiewe versekeringsmaatskappye, is die afwesigheid van winsstrewe. Koöperatiewe versekering streef daarna om die belange van lede te behartig. Daar word gepoog om die hoogs moontlike dekking teen die laags moontlike premies te verskaf. Die hoeveelheid aandelekapitaal is nie 'n bepalende faktor by stemreg nie en oorskotte word verdeel volgens deelname in koöperatiewe aktiwiteite. Koöperatiewe versekering vervul verder 'n belangrike rol as gevolg van gesonde mededinging met openbare versekering.

Die belangrikheid van versekering soos bespreek in paragraaf 2.3 is ook van toepassing op koöperatiewe versekering.

Sekerheid in boerdery-aktiwiteite is seker een van die belangrikste voordele wat koöperatiewe versekering vir die boer bied, as ons in ag neem die hoë mate van risiko verbonde aan boerdery. Die sekerheid in die boer se werksaamhede sal noodwendig tot 'n verhoging in die effektiwiteit van sy boerdery lei. Hoe sekerder die boer van sy jaarlikse inkomste is, hoe meer kan hy sy werksaamhede uitbrei.

Koöperatiewe versekering is nie net belangrik vir die boer nie, maar ook vir die gemeenskap. Indien boere groot verliese ly, veroorsaak dit 'n verlaging in produksie wat noodwendig vir die gemeenskap tot groot nadeel in die vorm van verhoogde pryse en voedsel tekorte sal wees.

Koöperatiewe versekeringsmaatskappye dra ook by tot kapitaalkvorming wat belangrik is vir die ekonomie. Fondse wat deur die versekeringsmaatskappye geakkumuleer word, kan meer doeltreffend in die ekonomie geïnvesteer word as wat dit deur die verskillende individue sou gedoen kon word. 'n Groot som geld in die hande van een maatskappy beteken meer vir die ekonomie as 'n groter som geld versprei oor 'n groot aantal individue.

2.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk bestaan uit twee afdelings. Die eerste gaan oor algemene versekering. Eers word 'n omskrywing gegee van wat versekering is, en daarna word die belangrikheid van versekering aangedui. Na die belangrikheid van versekering volg daar 'n indeling van die tipe risiko's wat aangetref word.

Die tweede afdeling handel oor koöperatiewe versekering. Eerstens word 'n omskrywing gegee van koöperatiewe versekering, dan volg 'n beskrywing van die beginsels en eienskappe en ten slotte word daar aandag gegee aan die belangrikheid van koöperatiewe versekering.

HOOFSTUK 3

KOÖPERATIEWE VERSEKERINGSORGANISASIES IN SUID-AFRIKA

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is daar aandag gegee aan die aard en omvang van versekering. Aangesien die volgende hoofstuk handel oor die aktiwiteite van Sentraalwes wat as agent optree vir Sentraaboer en Sentraoes, is dit wenslik om meer te weet oor die ontstaan en die ontwikkeling van die twee versekeringskoöperasies.

In hierdie hoofstuk vestig ons dus veral die aandag op die ontstaan, die ontwikkeling van koöperatiewe versekering en die aard van versekering wat deur die twee versekeringskoöperasies aangebied word.

3.2 Die veld wat deur koöperatiewe versekering gedek word. ⁽¹⁾

Alhoewel hierdie studie hoofsaaklik handel oor die versekering van landbourisiko's deur Sentraaboer en Sentraoes, is dit nogtans nuttig om 'n oorsig te gee oor die veld wat reeds deur koöperatiewe versekering gedek word. Hieruit kan die belangrikheid en omvang van koöperatiewe versekering duidelik afgelei word.

3.2.1 Primêre verbruikerskoöperasies

Primêre verbruikerskoöperasies wat koöperatiewe versekering onderneem, word in verskeie lande aangetref, onder andere Bulgarye, Skotland, die V.S.A. en Denemarke. Een van die wat 'n groot omvang gehad het, was die Koöperatiewe Staatsamptenare Versekeringsvereniging in Bulgarye.

1. Pretorius, A.M. op. cit. p. 105.

Hierdie vereniging het hoofsaaklik individuele en groepslebensversekering onderneem. Die voordeel van die vereniging was dat sy premies baie laer was as dié van publieke maatskappye en surplusse is aan lede teruggegee in die vorm van bonusse.

In die V.S.A. bestaan die "Workmens' Mutual Fire Insurance Society" reeds sedert 1972. Hierdie onderneming is op 'n onderlinge basis geskoei, hou geen agente aan nie en betaal ook dus geen kommissie nie. Die doel is hoofsaaklik om brandversekering teen kosprys te bied.

In Denemarke tref ons die "Arbejdernes Livsforsikring" aan wat lewensversekering van arbeiders, teen billike tariewe op 'n koöperatiewe grondslag onderneem.

3.2.2 Sentrale verbruikerskoöperasies

Hierdie tipe versekeringskoöperasie word deur plaaslike verbruikerskoöperasies gestig. Individuele lede kan soms ook lidmaatskap verkry. In Tsjeggo-Slowakye is die "Scechoslavia" in 1919 deur 'n aantal verbruikerskoöperasies gestig, hoofsaaklik met die doel om lewensversekering en eiendomsversekering te onderneem.

3.2.3 Federale verbruikerskoöperasies

Federale koöperatiewe versekeringsorganisasies word soms deur sentrale verbruikerskoöperasies gestig. Een van die belangrikste is seker die "Co-operative Insurance Society" (C.I.S.) in Engeland.

Die C.I.S. maak gebruik van 'n netwerk van agente. Hierdie agente doen nie slegs werwing van versekeringsbesigheid nie, maar dien ook as skakelbeampte om die voordele van koöperatiewe verbruikersorganisasies onder die publiek se aandag te bring.

3.2.4 Koöperatiewe versekering deur vakbonde

Koöperatiewe versekering deur vakbonde het ontstaan uit die begeerte

wat daar by vakbonde was om die nagelate naasbestaande van afgestorwe lede te versorg. Hierdie tipe organisasie het hoofsaaklik inslag gevind in Duitsland, Switserland, Hongarye, België, Spanje en die V.S.A.

3.2.5 Versekeringsorganisasies vir koöperatiewe werknemers

Waar koöperatiewe versekering aan die publiek beskikbaar is deur middel van verbruikerskoöperasies, is spesiale versekeringskoöperasies vir werknemers van koöperatiewe instellings, nie nodig nie. Verskeie sodanige organisasies het egter ontstaan, onder andere die "Andels Pensionsforenigen" in Denemarke. Die doel was hoofsaaklik om pensioenvoordele aan werknemers van koöperasies te verskaf.

3.3 Die ontstaan en die ontwikkeling van Sentraoes (Koöperatief) Beperk⁽¹⁾

3.3.1 Ontstaan en ontwikkeling

Groot skades is in die Oos-Vrystaat aan koringoeste aangerig en 'n groepie boere in daardie omgewing het gedurende 1929 besluit om gesamentlik die risiko te dra en so die ergste skok van 'n haelaanslag te demp. So het "The Conquered Territory Mutual Hail Insurance Society" gedurende September 1929 onder leiding van Mnr. Harold Blore tot stand gekom. Die doel was dan om versekering teen verliese as gevolg van haelskade in die distrikte Ficksburg, Ladybrand en Fouriesburg aan te bied, maar weens wyer belangstelling in aangrensende distrikte is die naam van die vereniging reeds in die daaropvolgende jaar verander na "The Farmers Hail Insurance Society". Hierdie vereniging het ontbind in 1934 en 'n koöperasie, nl. "Boerehael Assuransie Koöperatiewe Maatskappy" is op 28 Maart 1934 daaruit gestig.

1. Inhoud is gebasseer op inligtingstukke en omsendbriewe wat van Sentraoes ontvang is.

Die koöperatiewe gedagte van oesversekering is gedurende 1970 verder gevoer met die stigting van "Sentraoes (Koöperatief) Beperk" toe die haelversekeringsaktiwiteite van Boerehael Assuransie Koöperatiewe Maatskappy en Sentrakas in een organisasie saamgevoeg is.

Die doel was uitsluitlik om koöperasielede se oeste teen hael en ander onbeheerbare risiko's op 'n koöperatiewe grondslag te verseker. Die voordeel van versekering by die koöperatiewe sentrale is dat dit onder beheer van die lede van landboukoöperasies is en alle finansiële surplusse volgens hulle eie wense aangewend word.

Sentraoes se ledetal het aan die einde van die 1977 finansiële jaar op 97 koöperasies te staan gekom wat oor die hele Republiek versprei is en ook alle oessoorte wat in die Republiek verbou word, hanteer.

Sentraoes het die afgelope 1976/77 seisoen dekking op twee-en-tagtig verskillende oessoorte, ten bedrae van R442 miljoen by wyse van 38 667 polisse verleen.⁽¹⁾

Alhoewel alleenlik landboukoöperasies aandele in Sentraoes mag opneem, en bonafide boere aandele in landboukoöperasies, behoort Sentraoes via sy lidkoöperasies aan die lede van landboukoöperasies. Elke boer wat versekering doen by Sentraoes ondersteun dus eintlik sy eie onderneming. Die voordeel om by die koöperatiewe versekeringsorganisasie te verseker, kan duidelik uit bogenoemde gesien word. Sentraoes behoort nie net via die landboukoöperasies aan boere nie, maar ook die direkteure word deur die lede van landboukoöperasies gekies. Die statuut van Sentraoes bepaal dat slegs direkteure van landboukoöperasies as direkteure van Sentraoes kan dien. Aangesien landboukoöperasies se direkteure deur boere gekies word, word Sentraoes se direkteure dus ook deur boere

1. Sentraoes jaarverslag vir 1977.

gekies. Sentraoes word bestuur deur boere wat deur boere gekies word.

Dit is ook belangrik om in ag te neem dat die landboukoöperasies kommissie van Sentraoes ontvang wat 'n aansienlike bedrag is. Die koöperasie wend die fondse weer aan tot voordeel van die boer in die vorm van produksielenings en beter fasiliteite. Deur by die koöperatiewe organisasie te verseker, bevoordeel die boer homself omdat hy deel in die sukses van die organisasie wat nie die geval sou gewees het indien hy by 'n ander versekeringsmaatskappy verseker het nie.

Wat die verkoop van versekering betref, tree slegs landboukoöperasies as agente vir Sentraoes op. Kommissie wat aan agente betaal word, vloei dus terug na boere omdat die agente koöperasies is en die koöperasies wend sy fondse tot voordeel van die boer aan.

Die premietariewe van Sentraoes word noukeurig bereken en berus op die werklike premie-inkomste en eisevergoeding oor baie jare. Geen ander versekeringsonderneming het soveel hael of ander oesversekeringsondervinding of eie statistiek om 'n meer ekonomiese premietarief daar te stel vir die spesifieke voorwaardes van versekering as Sentraoes nie. Dit kan dalk moontlik wees vir ander versekeringsonderneming om laer tariewe aan te bied as Sentraoes, maar dit sal slegs oor die korttermyn geskied en die dekking sal normaalweg teen minder voordelige voorwaardes van versekering aangebied word.

3.3.2 Belangrike polisvoorwaardes van Sentraoes

Sentraoes bied versekering aan ten opsigte van alle akker-, vrugte- en tuinbouprodukte en kies nie net die minder riskante oeste uit vir versekering nie. Nog 'n belangrike voorwaarde is dat Sentraoes oeste kan verseker nadat dit reeds haelskade ondervind het. Uit die aard van die saak sal dié versekering slegs aangegaan word nadat 'n

haelskadetaksasie op die beskadigde oes gedoen is. Indien verdere skade dus sou voorkom, sal die reeds bestaande skade in aanmerking geneem word by uitbetaling. Sentraoes se dekking tree in werking 12 uur na aansoek om versekering. Indien 'n persoon dus om 10h00 die oggend aansoek doen om versekering, is sy oeste vanaf 22h00 dieselfde dag onder dekking. Normaalweg sou dekking eers om 10h00 die volgende dag, dit wil sê, eers 24 uur na aansoek in werking getree het. Indien haelskade ontstaan nadat daar reeds aansoek om versekering gedoen is, maar voordat dekking in werking getree het, word versekering voortgesit. By Sentraoes word sulke skades getakseer en indien dit nie 50% oorskry nie, bly die versekering van krag op die balans van die oes. In die meeste gevalle word geen dekking verleen op enige haelbeskadigde oeste nie. Sentraoes bied ook 'n groot voordeel wat sy premiekortingstelsel betref.

Ten einde produsente aan te moedig om te verseker, gee Sentraoes aan hulle 'n voordeel indien daar in 'n spesifieke jaar nie geëis word nie. Hulle maak gebruik van 'n premiekortingstelsel wat in die praktyk op die volgende neerkom, 'n Premiekorting van 10% van die totale bruto premies van alle hael- en omvattende oesversekering van elke gewas wat by Sentraoes eisevry verseker was gedurende die onmiddellik, voorafgaande, of opeenvolgende versekeringseisoen, met 'n maksimum van vyf seisoene, word ten opsigte van elke afsonderlike plaas aan die betrokke versekerde toegestaan.⁽¹⁾

1. Inligting ontvang van die versekeringsafdeling van Sentraalwes

Die volgende baie eenvoudige voorbeeld illustreer die premiekortingstelsel. Indien 'n produsent vir die volgende vyf seisoene dieselfde graan teen dieselfde prys sou verseker en 'n premie van R1 000 sou betaal, sal hy die volgende premie effektief betaal:

TABEL 1

<u>JAAR</u>	<u>PREMIE</u>	<u>KORTING</u>	<u>EFFEKTIEF BETAAL</u>
	R	R	R
1979	1 000	100	1 000
1980	1 000	100	900
1981	1 000	100	800
1982	1 000	100	700
1983	1 000	100	600
1984	1 000	100	500

In 1985 vervel 1979 om sodoende weer die volgende vyf jaar te kry (1980 - 1985). Indien daar geëis word, moet die premiekorting weer van vooraf opgebou word.

Om produsente aan te moedig om vroeg te verseker, bied Sentraoes ook 'n vroeë versekeringsdiskonto van 20% aan. Dit word verdien by koring indien die versekering geplaas word voor 15 Oktober en by mielies voor 15 Desember van elke jaar.

'n Verdere voordeel is dat indien lede by Sentraoes verseker, landboukoöperasies premievoorskotte teen rentekoerse so laag as 9% gee. Rente word eers ongeveer ses weke nadat die versekering geskryf is, bereken. Indien 'n boer by 'n ander organisasie verseker het, en hy wou van bankfasilitiete gebruik maak het, sou hy ongeveer 13,5% rente moes betaal. Bankoortrokke-fasiliteite moet dan gebruik word vir finansiering van die versekeringspremie, terwyl dit vir ander noodsaaklike doeleindes aangewend kon word.

3.3.3 Herversekering deur Sentraoes

Sentraoes handhaaf ook 'n gesonde herversekeringsbeleid. Ten spyte van die feit dat die eisevergoeding die premie-inkomste reeds twee seisoene uit die afgelope sewe oorskry het, was elke eis ten volle ingevolge die polisvoorwaardes, vergoed. Die 1976/77 seisoen was Sentraoes se premie-inkomste R22 miljoen, terwyl ongeveer R25 miljoen aan eise uitbetaal is. Hierdie prestasie is alleen moontlik gemaak deur die gesonde herversekeringsbeleid en die bekombaarheid van 106 internasionale herversekeringsmaatskappye oor die hele wêreld.

3.3.4 Omvang van haelversekering

Die waardevolle diens wat Sentraoes aan die boer bied, word duidelik weerspieël in die totale bedrag van R59,5 miljoen wat Sentraoes sedert sy ontstaan in 1970 in die vorm van haeleise uitbetaal het.

Teenoor die sestion gewasse wat gedurende 1969/70 seisoen versekerbaar was, bied Sentraoes tans deur middel van 86 ledekoöperasies gewaarborgde dekking teen haelskade op meer as 90 verskillende oeste aan. Twee gewasse wat verreweg die grootste gedeelte van die versekering uitmaak, is koring en tabak, hoewel versekering van verskeie ander gewasse soos mielies, graansorghum, sonneblomme, vrugte en groente vinnig besig is om veld te wen.

TABEL 2 toon duidelik die behoefte wat daar bestaan vir versekering onder boere en dui ook die tempo aan waarmee Sentraoes sedert sy stigting gegroei het.

TABEL 2Haelpremie-inkomste en eisevergoeding van Sentraoes sedert stigting⁽¹⁾

<u>Seisoen</u>	<u>Premie-inkomste</u>	<u>Eisevergoeding</u>	<u>Eise/premieverhouding</u>
	R	R	%
1970/71	3 512 442	1 974 817	56
1971/72	4 132 251	2 947 766	71
1972/73	4 806 701	5 034 761	105
1973/74	9 738 355	5 265 232	54
1974/75	11 805 289	11 330 525	96
1975/76	13 708 748	8 237 625	60
1976/77	21 316 430	24 675 707	116

Wanneer ons kyk na die eise wat uitbetaal is, kan ons duidelik die belangrikheid van die diens wat Sentraoes aan die boer lewer, insien. Die diens wat Sentraoes lewer, tree nog sterker na vore as in gedagte gehou word dat die eise gedurende die 1972/73 en 1976/77 uitbetaal is, groter was as die premie-inkomste. Herversekering het egter die las van Sentraoes verminder sodat hy nie alleen aanspreeklik vir die vergoeding was nie.

3.3.5 Omvattende Oesversekering⁽²⁾

Behalwe haelversekering bied Sentraoes ook omvattende oesversekering aan. Omdat hierdie tipe versekering vir ons land met sy klimatologiese uiterstes van onskatbare waarde is, word meer breedvoerig omskryf.

Weens die feit dat baie produsente wat hulle oeste jaarliks teen hael-skade verseker en daarna verliese ly as gevolg van ander ongunstige natuurelemente buite hulle beheer, het die direksie van Boerehael Assuransie (Koöperatief) Beperk in 1965 besluit om 'n meer omvattende tipe oesversekering as suiwer haelversekering aan te bied.

-
1. Inligtingstuk verskaf deur Sentraoes.
 2. Memorandum oor omvattende oesversekering uitgegee deur Sentraoes (Koöperatief) Beperk.

'n Omvattende oesversekeringskema, redelik in ooreenstemming met die "All Risk Crop Insurance" van die V.S.A. is toe by wyse van 'n klein loodskema, ten opsigte van koring en mielies in werking gestel om die lewensvatbaarheid daarvan in die Republiek te bepaal, asook om onder-vinding op te doen en om statistiese inligting in te samel wat as grondslag vir die toekomstige omvattende oesversekeringskema kon dien. 'n Heel revolusionêre tipe omvattende oesversekering, die eerste van sy soort sover bekend, waarvolgens 'n oesopbrengs gebaseer op die potensiële opbrengs van die oes van elke afsonderlike produsent aangebied word, is toe in werking gestel.

By omvattende oesversekerings is die versekerde gedek teen verlies van produksiekoste veroorsaak deur droogtes, oormaat reëns, koue, ryp, hittegolwe, onvoorkomelike plantsiektes, insekteplae, en enige ander ongunstige weergesteldheid buite sy beheer. Brandskades, selfs as gevolg van weerlig, is egter uitgesluit, aangesien dit uiters moeilik sal wees om dit te onderskei van brandstigting en dit in elk geval by Sentra-boer verseker kan word.

Die belangrikste doel van omvattende oesversekering is om ekonomiese stabiliteit vir die produsent te bevorder deur hom aan te spoor tot erkende goeie boerderypraktyke, insluitende besteding van die aangewese produksiekoste en hom dan teen verlies daarvan, as gevolg van onvoorkomelike natuurrampe buite sy beheer, te vrywaar.

Omvattende oesversekering waarborg die produsent om op 'n gesonde finansiële grondslag voort te produseer in geval van ramspoedige seisoene.

Die premie-inkomste en eise te opsigte van omvattende oesversekering verskyn in tabel 3.

TABEL 3

Besonderhede van premie-inkomste en eisevergoeding ten opsigte van
omvattende oesversekering (taksasiekoste is by eisebedrag ingesluit)

<u>Seisoen</u>	<u>Premie-inkomste</u>	<u>Eise</u>	<u>Eise/premieverhouding</u>
	R	R	%
1966/67	82 279	87 271	106
1967/68	113 520	254 444	224
1968/69	155 310	339 883	218
1969/70	156 442	227 091	145
1970/71	237 734	266 618	112
1971/72	324 486	283 047	87
1972/73	139 140	86 601	62
1973/74	71 262	19 223	27
1974/75	103 102	23 585	23
1975/76	186 550	124 643	67
1976/77	683 947	336 929	49

Uit die tabel kan gesien word dat meer haelversekering uitgeneem word as omvattende versekering. Die rede hiervoor is dat haelversekering makliker bekombaar is aangesien daar geen potensiaalbepaling nodig is nie. Haelversekering is baie goedkoper as omvattende versekering. Hael was die enkele grootste risiko oor die afgelope plus minus 5 jaar, omdat ons redelike goeie reënjure gehad het en nie veel skades as gevolg van natuurrampe nie. Die hoë premie van omvattende oesversekering kan alleen toegeskryf word aan die hoë riskantheid verbonde aan dié tipe versekering.

Tabel 3 dui ook aan dat 'n groter bedrag gedurende die eerste vyf seisoene in die bestaan van omvattende oesversekering aan eise uitbetaal is, as wat die premie-inkomste was. Ten spyte daarvan het Sentraoes volhard met die skema. Die situasie het so verbeter namate die grootste probleme uitgestryk is dat dit ná die 1976/77 seisoen in totaal, indien taksasie buite berekening gelaat word, selfonderhoudend was. Praktiese probleme kon sodoende uitgeskakel word en Sentraoes

is ook daardeur in staat gestel om groter voordele aan te bied.

Aangesien herversekering moeilik bekombaar was op hierdie heel revolusionêre tipe versekering, was omvattende oesversekering beperk tot 'n klein aantal versekerdes. Vanaf die 1974/75 seisoen is daar wel geslaag om kommersiële herversekering te bekom en gevolglik word omvattende versekering nou op 'n baie groter skaal aangebied.

Op die gebied van omvattende oesversekering is Sentraoes besig met baanbrekerswerk. Navrae omtrent hierdie revolusionêre tipe versekering is reeds uit Argentinia, Australia, Thailand en selfs van die voorste haelversekeraars in Europa ontvang.

Sentraoes se bedrywighede en werksaamhede is aanvanklik vanaf Ficksburg behartig, maar namate die belangstelling in versekering toegeneem het en al hoe meer boere begin verseker het, is gevind dat doeltreffende diens aan die lede en versekerdes nie net op hierdie basis gelewer kon word nie. Die Republiek is toe in 17 streke opgedeel, elk met sy eie gekwalifiseerde streeksinspekteur en verteenwoordiger van Sentraoes om sake soos inspeksies, taksasies van skades aan oeste en inligting oor oesversekering sonder tydsvermorsing af te handel. Die inspekteurs tree op as tegniese adviseurs aan koöperasies, sowel as inligtingsbeampies aan die boere en spreek in hierdie hoedanigheid talle boerevereniging oor oesversekering toe.

3.4 Die ontstaan en ontwikkeling van Sentraoes (Koöperatief) Beperk

3.4.1 Die ontstaan en ontwikkeling⁽¹⁾

Koöperatiewe versekering is voor die stigting van Sentraoes volgens 'n poelstelsel deur die destydse versekeringskoöperasies onderneem. Die stelsel het egter sekere tekortkominge gehad. Eise is nie alleenlik eers aan die einde van die finansiële jaar betaal nie, maar is ook slegs betaal in verhouding tot die premie-inkomste nadat voor-

siening gemaak is vir 'n reserve en lopende koste. Die risiko was dus altyd daar dat skades nie ten volle vergoed sou kon word nie en boonop moes die versekerde lank wag vir die afhandeling van sy eis.

Die onsekerheid, leemtes en tekortkominge verbonde aan die poelstelsels wat veral die beskerming van die boer se oes teen haelskade betref, het gelei tot 'n intensiewe ondersoek na koöperatiewe versekering. Die ondersoek is gedoen deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, onder leiding van die destydse direkteur, wyle dr. P.J. de Clus. Daar is veral gelet op die wyse waarop die ideaal van 'n volwaardige koöperatiewe versekeraar bereik kan word wat die koöperatiewe beweging in staat sou stel om te deel in die surplus wat uit versekering voortspruit, en wat in die geval van winsondernemings in die versekeraar se eie sak vloei. Hierdie ondersoek het aanleiding gegee tot die stigting van Sentrakas.

Sentrakas is op 20 September 1950 in Bloemfontein gestig onder voorsitterskap van mnr. Manie Steyn met slegs 19 stigterslede wat elk een aandeel van R2 geneem het om die Sentrale met 'n totale kapitaal van R38 te laat wegspring. Die versekering van haelskade is in 1970 oorgedra aan Sentraoes. (Soos vroeër bespreek). Dit het Sentrakas gelaat met alle korttermyn versekering wat nie deur Sentraoes gedek word nie. Dit sluit versekering teen brand, motorversekering en algemene ongevalle versekering in.

In Kaapland was daar die Boere Koöperatiewe Versekeringsmaatskappy Bpk. wat hom aanvanklik toegelê het op die versekering van graanmiedens en dorsmasjiene op 'n poelstelsel, maar gaandeweg gegroei het tot 'n volwaardige koöperatiewe versekeringsmaatskappy wat gespesialiseer het in byna alle boerderyversekerings en ook gewaarborgde dekking

aangebied het. Beide organisasies het 'n bydrae gelewer tot die daargestelling van nuwe, sowel as die uitbreiding van bestaande versekeringsfasiliteite vir die boer. Beide het die behoeftes en probleme van die boer geken en het 'n groot rol gespeel in die verlaging van premies. By beide was die primêre funksie om diens te lewer aan die landbou. Dit was dus onvermydelik dat hierdie twee organisasies in belang van die landbou en van die koöperatiewe beweging mekaar uiteindelik sou vind en hulle belange en dienste sou verenig. Na lang en moeilike onderhandelinge is die versekering van hierdie maatskappy op 1 Julie 1975 by die besigheid van Sentrakas ingelyf. Sentrakas se naam is in die stadium verander na Sentraboer (Koöperatief) Beperk.⁽¹⁾

Vanaf 19 stigterslede en 'n gestorte kapitaal van slegs R38 het die lede en kapitaal tot hede gestyg tot 212 en R176 746 onderskeidelik. Addisionele aandele is geneem deur óf 'n kontantstorting, óf deur die kommissie wat lede ontvang het, geheel of gedeeltelik in aandele te omskep.

3.4.2 Die belangrikheid van Sentraboer vir die polishouer

Die geweldige groot risiko's bring mee dat Sentraboer aan groot eise blootgestel is. 'n Paar voorbeelde van sulke groot eise is soos volg:-⁽²⁾

Brand by die Kameel-depot van Suid Westelike Koöperasie op 19 Oktober 1969	R538 000
Brand te Isando, Vetsak op 2 Augustus 1974	R1 826 000
Brand by Viljoenskroon, Sentraalwes Nywerhede op 20 April 1976	R1 500 000

-
1. Sentraboer, Die verhaal van sy ontstaan en groei
 2. Sentraalwes Bulletin, Augustus 1977, p. 43

Sentraboer was verder ook getref deur die oorstromings in September 1968 te Port Elizabeth en die Bolandse aardbewingsramp van 1969/70. Selfs met inagneming van die groot eise was Sentraboer nog altyd in staat om sy verpligtinge ten volle na te kom.

Benewens bedryfskapitaal is die boer se kapitaal ook nog opgesluit in grond, geboue, vee, voertuie en verskillende soort implemente en gereedskap wat in die gewone loop van die boerdery gebruik word. Al hierdie kapitaalgoedere dra by tot die risiko waaraan die boer daagliks blootgestel is. Nie alleen natuurrampe kan skade veroorsaak nie, maar die gebruik van voertuie en toerusting kan ook skade aan die eiendom van ander veroorsaak. Dit is belangrik dat die boer al hierdie moontlike skades wat mag ontstaan, in ag neem en sorg dat hy daarteen verseker is. Om hierdie tipe van versekering te verskaf is Sentraboer die aangewese versekeraar vir die boer. Die feit dat die premies wat aan die versekeringskoöperasie betaal word weer na die boer terugvloei via die verskillende koöperasies, behoort alle twyfel by 'n boer uit die weg te ruim indien hy moet kies tussen versekering by 'n koöperatiewe organisasie en 'n ander kommersiële versekeringsmaatskappy.

3.4.3 Omvang van Sentraboer se aktiwiteite

Die vertroue in Sentraboer word weerspieël uit die feit dat die premie-inkomste ten opsigte van brand-, motor-, see en gemengde besigheid vir die jaar geëindig 30 Junie 1977 die som van R16 450 000 beloop het waarop lede-koöperasies 'n bedrag van R3 340 125 aan kommissie verdien het, terwyl ledebelange R6 794 070 bedra.

Die onderstaande tabel toon die premie-inkomste en eise betaal vir die boekjare 30 Junie 1977 en 1978:

TABEL 4⁽¹⁾Premie-inkomste

	<u>Toename</u>	<u>1978</u>	<u>1977</u>
	%	R	R
Brand	18,7	8 492 000	7 152 800
Motor	15,7	7 794 000	6 736 500
Marine	5,8	417 700	394 800
Gemeng	<u>16,7</u>	<u>2 527 500</u>	<u>2 165 900</u>
	16,9	19 232 006	16 450 000
Hael en Omvattend			
Oes (Herversekering)	12,5	7 466 600	6 634 300
Verpligte derdeparty	<u>7,9</u>	<u>1 870 800</u>	<u>1 733 500</u>
	15,1	28 569 400	24 817 800

Eise betaal

Bruto eise betaal na voorsiening vir eise wat voorgeval het maar nog nie betaal was nie word hieronder uiteengesit:

	<u>1978</u>	<u>1977</u>
Brand	5 042 000	5 226 700
Motor	5 340 400	4 631 400
Marine	185 600	186 200
Gemeng	1 320 900	1 079 900
Hael en Omvattende Oes (Herversekering)	<u>3 904 800</u>	<u>7 770 600</u>
	15 793 700	18 894 800

Sentraboer doen nie net versekering wat landboukoöperasies benodig nie, maar verseker ook alle ander risiko's wat in verband met boerdery-aktiwiteite staan. Versekeringsbehoefte verskil van boerdery tot boerdery en dit is belangrik dat die boer deeglik bewus is van sy versekeringsbehoefte en dat hy wel versekering het teen skades waaraan hy blootgestel is. In hierdie verband kan die agent die boer tot groot nut wees by die bepaling van sy versekeringsbehoefte.

-
1. Direkteursverslag en Rekeningstate van SentraBoer (Koöperatief) Beperk vir 1978.

'n Belangrike ontwikkeling by Sentraboer is die feit dat hulle binnekort ook 'n kombinasiepolis gaan aanbied. Voorheen moes alle risiko's apart verseker word. Afsonderlike polisse vir inhoud van huis, motor, alle risiko's ens., moes uitgeneem word. Met die nuwe polis gaan al hierdie risiko's deur een enkele polis gedek word. Die kombinasiepolis sal meebring dat Sentraboer in 'n sterker mededingende posisie staan teenoor ander versekeraars wat alreeds die tipe polis aanbied.

3.5 Moontlike amalgamasie van Sentraboer en Sentraoes

Indien daar gelet word op die doelstellings en funksies van Sentraboer en Sentraoes, kom die gedagte van amalgamasie onmiddellik na vore.

Die voordele van 'n laer kostestruktuur en meer doeltreffender koöperatiewe versekeringsdiens in die algemeen aan die Suid-Afrikaanse boer maak dit die moeite werd om hierdie kwessie aan te raak.

Voorlopige onderhandelinge het reeds plaasgevind. Albei die Sentrales is in beginsel ten gunste van amalgamasie. Aangesien die aangeleentheid baie groot van omvang is met baie probleme wat opgelos moet word, is daar besluit om nie op die huidige tydstip voort te gaan met amalgamasie nie, maar dat die aangeleentheid verder ondersoek word. Wanneer omstandighede dit toelaat, sal samesprekings weer hervat word.

3.6 Samevatting:

In hierdie hoofstuk is daar in die eerste plek gekyk na die veld wat reeds deur koöperatiewe versekering gedek word. Koöperatiewe versekering word reeds in verskeie lande gedoen deur verbruikerskoöperasies, vakbonde en daar is ook versekeringsorganisasies gestig om versekering vir die werkers van koöperasies aan te bied.

Voorts is die ontstaan en die ontwikkeling van die twee koöperatiewe versekeringsorganisasies in Suid-Afrika, naamlik Sentraboer en Sentraoes

bespreek. Daar is gekyk na verskeie polisvoorwaardes wat van belang is vir polishouers, byvoorbeeld die premie-kortingstelsel wat 'n belangrike voordeel vir die versekeraar inhou.

Benewens haelversekering word daar ook omvattende oesversekering deur Sentraoes aangebied. Vir Suid-Afrika met sy klimatologiese verskille hou hierdie tipe versekering 'n belangrike voordeel in.

Alle ander versekering as oesversekering word deur Sentra-boer gedoen. Hierdie organisasie het ontstaan uit 'n samesmelting van Sentrakas en die Boere Koöperatiewe Versekeringsmaatskappy. Benewens bedryfskapitaal is die boer se kapitaal ook nog opgesluit in grond, geboue, voertuie en verskillende implemente wat vir boerdery gebruik word. Al hierdie goedere dra by tot die risiko van die boer en Sentra-boer is die organisasie wat die boer dekking verleen ten opsigte van hierdie risiko's

HOOFSTUK 4

DIE VERSEKERINGSAKTIWITEITE VAN SENTRAAL WESTELIKE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY BEPERK

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk het ons gekyk na die ontstaan en die ontwikkeling, asook die aard van versekering wat deur Sentraalwes en Sentraalwes aangebied word. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die aktiwiteite van Sentraalwes in sy optrede as agent vir Sentraalwes en Sentraalwes.

Sentraalwes tree nie self op as 'n versekeringsmaatskappy nie, maar slegs as 'n agent vir Sentraalwes en Sentraalwes. By elke tak is daar 'n persoon wat verantwoordelik is vir versekering, terwyl daar by die hoofkantoor 'n spesiale versekeringsafdeling is. Alle versekering word deur Sentraalwes by Sentraalwes of Sentraalwes geplaas, terwyl alle eise ook eers deur die koöperasie se hoofkantoor hanteer word voordat dit aan Sentraalwes of Sentraalwes gestuur word.

Versekering kan dus nie direk by Sentraalwes of Sentraalwes geplaas word nie, maar dit moet gedoen word deur middel van die koöperasie. Versekering kan of direk by die koöperasie geplaas word, of by een van die werwers wat deur Sentraalwes aangestel is.

4.2 Die organisasie van die versekeringsafdeling


'n Kaart wat die stuktuur van die versekeringsafdeling van Sentraalwes aantoon word in figuur 1 weergegee.

Uit die diagram kan duidelik gesien word dat ons hier met 'n lynorganisasie te doen het. Gesag loop in 'n direkte lyn van die hoogste na die laagste vlak.

Aan die hoof van die versekeringsafdeling kry ons die versekerings

Fig. nr. 1

Organisasiekaart van die versekeringsafdeling



bestuurder. Hy is direk verantwoordelik aan die hoofbestuurder (landbou). Die funksie van die versekeringsbestuurder is die beplanning, organisasie, beheer en administrasie van die versekeringsafdeling. Die versekeringsbestuurder is ook verantwoordelik vir die hantering van alle korttermynversekeringsaktiwiteite. Die assistent-versekeringsbestuurder tree direk onder die versekeringsbestuurder op. Sy werksaamhede behels die doeltreffende interne funksionering van die departement. Hy staan ook die versekeringsbestuurder by in die uitvoering van sy omvangryke bestuursfunksie en verrig sodoende 'n verskeidenheid take, byvoorbeeld personeeladministrasie en motivering, beplan en organiseer, oefen kontrole uit deur middel van direkte toesig, ensovoorts. Onder die assistent-versekeringsbestuurder funksioneer die personeel in drie groepe, naamlik nuwe besigheid, hernuwingsbesigheid en eise.

Aan die hoof van die eiseafdeling is die hoofklerk (eise). Hy is verantwoordelik vir die doeltreffende administrasie en afhandeling van maatskappy-eise en alle ander eise rakende versekerdes. Hy hanteer alle moontlike eise-gebeurlikhede, onderhandel met partye rakende eise, prosedures, polisvoorwaardes, opklaring van geskille en verskaf ook voorligting en advies. Verder dien hy as skakel tussen die versekeringsmaatskappy en die versekerdes. Die hoofklerk (eise) word bygestaan deur 'n eise-assistent, eise-klerk en 'n liaseerdame.

Die administratiewe hoofklerk is die hoof van die hernuwingsbesigheid. Hy is verantwoordelik vir die doeltreffende beheer van versekering van alle bates van die maatskappy, persoonlike ongevalleversekering van direkteure, bestuur en ander personeel sowel as oesteversekering en hernuwing van bestaande korttermynversekering van alle lede van die maatskappy. Hy verskaf ook opleiding aan binnepersoneel, sowel as aan tak/depot-personeel vir effektiewe hantering van versekeringsdienste. Benewens die administratiewe hoofklerk bestaan die hernuwingsafdeling nog uit 'n senior klerk vir

oesteversekering, 'n senior klerk en 'n klerk vir maatskappyversekering, sowel as 'n senior klerk vir hernuwingsbesigheid.

Wat nuwe besigheid betref, is die algemene hoofklerk die senior. Hy is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van algemene versekering, derdepartyversekering en departementele rekenmeesterspligte. 'Hy verrig sodoende 'n verskeidenheid take, byvoorbeeld begrotingsadministrasie, derdepartyadministrasie, direkte personeeladministrasie, ensovoorts. Die algemene hoofklerk word bygestaan deur 'n senior klerk, 'n oorbetalingsklerk, wat die oorbetaling van premies aan Sentraaboer doen, verantwoordelik is vir die versending van dokumente en ook die versameling van statistiese inligting, 'n dame vir skakelwerk, 'n ontvangsdame wat derdepartyversekering behartig maar ook optree as ontvangsdame vir die afwerking van endossemente en ten slotte twee tiksters.

Die versekeringswerwers verrig seker een van die belangrikste take in die afdekking naamlik, die verkoop van versekering. Uit die aard van die werk moet daar taamlike streng kontrole uitgeoefen word oor hierdie poste. Die werwer is dan ook direk verantwoordelik aan die versekeringsbestuurder.

4.3 Prosedure by die plasing van versekering

Ons behandel Sentraaboer en Sentraoes afsonderlik omdat die prosedures wat gevolg word by die twee verskillende tipes versekering wat die twee sentrales aanbied, verskil.

4.3.1 Versekering by Sentraaboer

Voordat die prosedures van die plasing van versekering beskryf word, is dit nodig dat die verskillende dokumente wat ter sprake is eers omskryf word. Vier verskillende dokumente word gebruik, naamlik die aansoekvorm, endossementeboek, tydelike dekking en die werwersopdragboek. Nie noodwendig al vier hierdie dokumente sal gebruik word nie, alhoewel dit kan gebeur.

4.3.1.1 Dokumente

Aansoekvorm

Die aansoekvorm word verskaf deur Sentraboer. Dit bevat al die besonderhede aangaande die onderwerp van versekering asook die persoonlike besonderhede van die persoon wat die versekering aanvra. Die inligting op die aansoekvorm is baie belangrik, aangesien Sentraboer die polis uitreik op grond van die inligting soos in die aansoekvorm voorsien. Die vrae wat die aansoeker moet voltooi wissel baie, afhangende van die tipe versekering. Die vrae kan basies in drie afdelings verdeel word, naamlik:-

- (i) Algemene inligting wat onder andere die naam en adres van die versekerde, sy ouderdom en persoonlike besonderhede bevat.
- (ii) Die besonderhede van die onderwerp van versekering.
- (iii) Vrae van belang om die risiko te bepaal, byvoorbeeld of die aansoeker se versekering voorheen al gekanselleer, of afgewys is deur 'n ander maatskappy.

Endossemente

'n Endossement word uitgereik indien enige wysiging intree in die besonderhede van die polis nadat die polis reeds uitgereik is. Die endossement vorm 'n integrerende deel van die polis, en is net so geldig as die polis en moet deur die versekerde aan die polis geheg word.

Tydlike dekking

In gevalle waar 'n aansoekvorm nie beskikbaar is nie of die persoon wat versekering verlang dit telefonies aanvra, word tydelike dekking uitgereik wat 60 dae geldig is. Hierdie dokument is slegs tydelik en moet deur 'n aansoekvorm vervang word. Indien 'n versekerde tydelike dekking gehad het vir 60 dae en hy besluit hy wil nie meer van Sentraboer se versekering gebruik maak nie en hy vul dus ook nie 'n aansoekvorm in nie, word hy

verplig om 'n premie te betaal vir die tydperk wat hy tydelike dekking gehad het.

Werwersopdrag

Enige versoek van 'n lid dat die werwer hom moet besoek of hom van sekere raad moet voorsien, word in die werwersopdragboek aangeteken. Sodra die werwer in besit kom van die dokument, volg hy dit op.

4.3.1.2 Die plasing van versekering

Werwer

Die gebied wat deur Sentraalwes bedien word, is in agt streke of werwingsgebiede verdeel. Elke werwer funksioneer in een van hierdie gebiede.

'n Belangrike voordeel wat die verteenwoordigers het bo ander versekerings-agente, is dat hulle van maatskappyvoertuie gebruik maak en ook geen brandstof of onderhoud betaal nie.

Die werwer voltooi die aansoekvorm by die boer, of die boer kan die aansoekvorm by sy takkantoor of by die hoofkantoor laat voltooi. Die voltooide aansoeke - dié deur die werwer, sowel as dié by die takkantore - word dan deur die werwer na Sentraalwes se hoofkantoor gestuur wat dit aan Sentra-boer stuur vir afhandeling. Aansoek om versekering kan ook telefonies gedoen word. In so 'n geval word tydelike dekking verleen vir 'n maksimum periode van sestig dae. Gedurende hierdie tydperk moet 'n aansoekvorm voltooi en deur die aansoeker geteken word.

'n Verdere taak van die werwer is om die werwersopdragte op te volg. Die opdragte kan wissel van aansoeke vir versekering tot navrae in verband met risiko's en versekering. Die werwer voltooi dus nie net aansoekvorms nie, maar hy is ook verantwoordelik vir die werwing van nuwe besigheid, beantwoording van navrae in verband met versekering en die verskaffing van

kwotasies aan voornemende versekerdes. 'n Baie belangrike taak van die werwer is om die polisvoorwaardes deeglik aan die versekerde te verduidelik en hom te wys op die voor- en nadele van koöperatiewe versekering in vergelyking met ander versekering. Ons kry dikwels gevalle waar boere aanvoer dat hulle hulle versekering elders goedkoper kan kry. In dié huidige ekonomiese klimaat is daar baie instansies, veral banke wat die korttermyn-versekeringsmark met mening betree. Die boer was in die verlede redelik afgeskeep omdat die digbevolkte dele 'n baie goeie versekeringsmark vir die gewone maatskappy gebied het. Die boer met sy groot kapitale uitleg bied vandag 'n goeie arbeidsveld. Om die mark te kan betree, word sekere soorte versekering goedkoop aangebied en ander weer duurder. Aangesien die bank as makelaar optree, kanhy die polisse van verskeie maatskappye bemark. As die een dan later weer duurder word, val hy terug na 'n ander. Sentra-boer kan nie versekering so aanbied nie en moet 'n gesonde prysbeleid oor die langtermyn volg. Die versekerde moet dus goed op hoogte van sake wees met die voor- en nadele, sowel as die polisvoorwaardes sodat daar nie dalk later eise ingestel word wat duidelik onder die voorwaardes uitgesluit word waarvan die boer nie bewus was nie.

Takkantore

By die groot takkantore is daar 'n dame in diens wat 60% van haar tyd spandeer aan versekeringswerk en 40% aan ander administratiewe werk by die tak. Hierdie dame neem boodskappe vir die werwer, of voltooi aansoeke van lede vir versekering en sy vorder die geld verskuldig deur die aansoeker in, of voltooi 'n oesaftrekorder. Die oesaftrekorder word geteken teen die lid se maandrekening of sy oeslewering. In gevalle waar die versekering op die plaas geskryf moet word, soos byvoorbeeld die versekering van oeste teen brand, skryf sy 'n werwersopdrag vir die werwer om op te volg sodra hy op kantoor kom.

Verder moet die dame behulpsaam wees met eise. Sy vul die eisvorm in en sorg dat al die verlangde dokumente by die eisvorm is voordat sy dit aan

hoofkantoor stuur.

Alle ander kleiner takke doen ook versekering, alhoewel daar nie 'n spesifieke persoon aangestel is vir die taak nie. Die takbestuurders verrig gewoonlik hierdie funksie. Daar word 'n vergoeding deur hoofkantoor aan die takkantore betaal vir alle versekering wat hulle skryf. Die versekeringsafdeling betaal ook aan die handelsafdeling 2,5% van die premies wat in hulle gebied gevorder word. By derdepartyversekering word 'n gedeelte van die dame wat die versekeringswerk by die tak doen se salaris betaal, die gedeelte is ongeveer gelyk aan een maand se salaris.

Hoofkantoor

Aansoeke word deur die werwers by hoofkantoor ingelewer, tesame met daaglikse rapporte. Die korrektheid word nagesien en registers word geopen. Die aansoeke word dan deurgestuur na Sentra-boer wat polisse uitreik. Sodra die polis terugontvang word, word die polisnommers op die registers genoteer en die polisse word dan afgestuur na die versekerdes. Die versekeringsafdeling by hoofkantoor is ook verantwoordelik vir die uitreiking van endossemente; hulle debiteer die lederekenings met premies en skakel met die rekenaar vir die berekening van kommissies.

4.3.2 Versekering by Sentraoes

Die verskil tussen die plasing van korttermynversekering by Sentra-boer en oesteversekering by Sentraoes, bestaan daarin dat by die plasing van versekering by Sentraoes daar geen aansoek is nie, maar dat die polisdokument onmiddellik voltooi word. Aangesien die polis dadelik uitgereik word, is dit noodsaaklik dat die inhoud honderd persent korrek moet wees.

Hierdie polisdokument word voltooi in soverre dit die haelversekering betref, by die verskillende takke en depots en in soverre dit die omvattende

oesversekering betref, deur die inspekteurs van Sentraoes of deur die taksateurs wat die potensiaalbepaling op die plase doen.

Wat omvattende oesversekering betref, moet die boer by die naaste tak aansoek doen vir potensiaalbepaling. Die tak stel die plaaslike inspekteur van die aansoek in kennis en hy reël vir die potensiaalbepaling.

Wat haelversekering betref, moet die boer by die naaste tak die nodige besonderhede verskaf om die polis te voltooi. Hierdie tipe versekering kan onder geen omstandighede telefonies, per brief, of per boodskap gedoen word nie, aangesien die polis voltooi word met aansoek. Daar is dus geen aansoek wat eers voltooi moet word waarna die polis uitgereik word nie. Die polis is die aansoek en die versekerde of sy gevolmagtigde moet self die polis by voltooiing onderteken.

Die polis teen haelversekering tree in werking 12 uur na uitreiking. Gestel 'n boer kry hael binne 12 uur nadat die polis voltooi is dan word die polis gekanselleer en die premie wat gevorder is, word terugbetaal. Die stadium wanneer oeste verseker kan word, verskil van produk tot produk. Alle vrugte (uitgesonder druiwe) en koffie word na die blomblaarval-stadium verseker. Druiwe se versekering vind plaas na die volbot-stadium. Alle oorgeplante gewasse soos kool, uie, tamaties en tabak van die datum van oorplant af en alle ander oeste op enige stadium na opkoms.

Oesversekeringspolisse word in viervoud uitgemaak. Een afskrif gaan na die versekerde, een na Sentraoes, een word aan hoofkantoor gestuur en die vierde een word vir rekorddoeleindes gehou. Hierdie polisse word onder dekking van daaglikse rapporte ingedien en nagesien.

4.4 Afhandeling van eise

Die versekeringsafdeling het 'n eisedepartement wat uit twee mansklerke en twee damesklerke bestaan. Drie van hierdie personeel doen eise en een doen liassering en opvolgwerk.

By die afhandeling van eise sal daar weer gekyk word na eise by Sentraoes en Sentraboer.

4.4.1 Sentraboer

Die eise van Sentraboer word afgehandel deur bemiddeling van assessore (eisebemiddelaars). Hierdie assessore is gewoonlik nie verbonde aan die versekeringsmaatskappye nie en tree onafhanklik op. Verskeie versekeringsmaatskappye het egter ook interne assessore wat gewoonlik kleiner eise, asook motoreise afhandel. Dit is egter baie belangrik dat hierdie maatskappy nie die indruk skep van partydigheid nie en dit is verkieslik dat 'n onafhanklike assessor eerder die eis moet afhandel.

Alle eise word aan Sentraalwes se hoofkantoor gerapporteer, hetsy deur die versekerde of deur die takkantore nadat die versekerde dit daar rapporteer het. Eise word by hoofkantoor aangeteken, gekontroleer en aan Sentraboer gestuur. Sentraboer stel die assessor aan en handel die eis af. 'n Opvolgstelsel word by die versekeringsafdeling gehou om toe te sien dat eise in bevredigende tydsverloop, asook tot bevrediging van die lid afgehandel word. Dit is uit die aard van die saak 'n vereiste dat die eise-departement ten volle op hoogte van polisvoorwaardes moet wees sodat hulle by ontvangs van 'n eis bewus kan wees of die eis binne die polisvoorwaardes val.

4.4.2 Sentraoes

Die gebied van Sentraalwes, tewens alle koöperasies, is opgedeel deur Sentraoes Koöperatief Beperk in inspekteur-areas. Hierdie inspekteurs moet onder andere sorg vir die ordelike afhandeling van eise.

Die inspekteur word bygestaan deur taksateurs wat die skade by oeste moet moet bepaal (takseer). Hierdie taksateurs bestaan uit boere van die omgewing.

Die voordeel dat boere self optree as taksateurs lê daarin dat hulle vertroud is met die metodes van grondbewerking, asook die opbrengste wat in hulle betrokke gebiede verwag kan word.

Hierdie taksateurs word deur Sentraoes aangestel en vergoed op 'n deeltydse basis, en die aanstelling geskied in medewerking met die koöperasies.

Die optrede by die ontstaan van skade is soos volg. Sodra 'n haelbui 'n sekere deel of streek getref het, word dit dadelik by die naaste tak van die koöperasie deur die versekerde aangemeld. Die tak stel die inspekteur of die hooftaksateur in kennis wat reël vir die nodige inspeksie. Hulle voltooi die taksasieverslag waarvan een afskrif aan die versekerde gegee word, een aan Sentraoes vir die uitbetaling van die eis en 'n derde word aan Sentraalwes gestuur vir opvolging.

Die eise word direk deur Sentraoes aan die koöperasie uitbetaal, wat dit krediteer teen die versekerde se rekening, aangesien die koöperasie die nodige produksiemiddele verskaf het. Dit is ook belangrik om hierdie eis op te volg sodat alle eise binne 'n redelike tydperk vergoed word. Die bepaling van die skade by haelversekering en omvattende oesversekering verskil en dit word afsonderlik bespreek.

Wanneer omvattende oesversekering verlang word, moet daar eers 'n potensiaalbepaling van die gesaaides gedoen word. Die potensiële opbrengs per hektaar wat gewaarborg word, verskil by droë lande en besproeiingslande, sowel as by koring en mielies. Die maksimum opbrengs per hektaar vir koring op 'n droë land is 2 ton per hektaar en die minimum 0,7 ton per hektaar. Vir mielies is die maksimum 4 ton en die minimum 1,25 ton per hektaar. Wat besproeiingslande betref, is die maksimum vir koring 4 ton en die minimum 0,7 ton en vir mielies is die maksimum 5,5 ton en die minimum 1,25 ton. Sentraoes waarborg te alle tye 60 persent van die potensiële opbrengs.⁽¹⁾

1. Omvattende oesversekeringspolis, Sentraoes (Koöperatief) Beperk.

Taksasie geskied gewoonlik in oestyd. Indien 'n boer dink sy opbrengs is swak, of voel dat die gewaarborgde opbrengs nie bereik gaan word nie, moet hy die koöperasie kennis gee en 'n omvattende eisrapport indien. Die oesopbrengs op die lande word dan deur Sentraoestaksateurs bepaal. Stroke word deur die land gestroop. Die opbrengs per strook word bepaal en 'n gemiddelde word bereken. Daar word aanvaar dat die gemiddelde die opbrengs van die hele land is. Die verskil tussen die gewaarborgde opbrengs en die gemiddelde word dan deur Sentraoes uitbetaal.

Indien 'n opbrengsbepaling gedoen word en verdere skades word daarna ondervind, kan die versekerde 'n verdere eisrapport indien in welke geval die opbrengsbepaling op die oorblywende versekerde gedeelte van die land uitgevoer word.

Indien geen opbrengsbepaling gedoen is nie en daar met insameling van die oes 'n aanvang geneem is en daarna skades op die oorblywende versekerde deel van die oes intree, of die versekerde vind dat die gewaarborgde opbrengs nie behaal sal word nie, kan die versekerde verdere insameling van die oes staak en 'n eisrapport indien waarop 'n opbrengsbepaling op die oorblywende versekerde gedeelte van die land uitgevoer word. Die oorspronklike, amptelike, vasgestelde potensiële opbrengs op die reeds geoeste gedeelte word by die getakseerde opbrengs van die oorblywende gedeelte van die land vir eisevergoedingsdoeleindes gereken. Indien die oes wat omvattend verseker was geheel en al beskadig word, byvoorbeeld deur rypskade en dit is ooglopend dat die hele oes vernietig is, word daar nie gewag tot oestyd nie, maar word die verlies onmiddellik uitbetaal.

Wat haelversekering betref, moet die beskadigde land ook deur 'n taksateur getakseer word. Daar is 'n algemene haeltaksasieprosedure wat dieselfde is vir alle gewasse wat teen hael verseker word. Dan is daar ook nog die prosedure om te bepaal wat die werklike skade is. Laasgenoemde prosedure verskil van gewas tot gewas en daar sal slegs kortliks verwys word na die

prosedure wat gevolg word om die skade by mielies te bepaal.

Die algemene taksasieprosedure is soos volg.⁽¹⁾ Na ontvangs van 'n opdrag om 'n taksasie uit te voer:-

1. Reël die taksateur die datum en tyd van die taksasie met die eiser.
2. Stel hy die eiser ook in kennis dat hy sy afskrifte van die polis en skaderapport byderhand moet hê tydens die taksasie.
3. Reël hy met 'n Sentraoes-inspekteur, en indien hy nie beskikbaar is nie, met 'n tweede taksateur vir taksasie.
4. Met die aankoms op die plaas verkry die taksateur die versekerde se afskrifte van die versekeringspolis en skaderapport en maak seker dat:-
 - (a) die haelbeskadigde oeste wel volgens die polis verseker is,
 - (b) die beskadigde land ooreenstem met die wat aangedui is op die polis,
 - (c) die versekering ten tye van haelskade van krag was,
 - (d) die oes min of meer op die datums van inwerkingtreding van die dekking nie beskadig was nie, en
 - (e) die werklike oppervlakte van die beskadigde land min of meer met die versekerde oppervlakte ooreenstem. Indien daar twyfel bestaan, moet die lande opgemeet word. Die taksateur kry 'n geheelincruk van die land en bepaal die intensiteit en verspreiding van die haelskade en egaligheid van die oes. Hy besluit na gelang daarvan hoeveel toetse en waar die toetse geneem gaan word.

Die prosedure wat na die bogenoemde gevolg word, verskil van produk tot produk. By die mielies moet die stamskade, kopskade, blaarskade en pluimskade bepaal word. Om te differensieer tussen skades en opeenvolgende skades soos dit op verskillende groeistadia mag voorkom, word daar onderskei tussen A- en B-tipe haelskade.

Waar haelskade voor die 85% pluim, 60% baardstadium voorgekom het en 'n verdere skade of opeenvolgende skades vind daarna plaas, of waar verdere haelskades voorkom na 'n A-tipe wat vir die eerste keer na die 85% baardstadium voorgekom het, word dit as B-tipe haelskade beskou.

-
1. Inligting verkry van die versekeringsafdeling van Sentraalwes.

Wanneer hael vir die eerste keer skade aanrig op enige groeistadium, wanneer 'n verdere skade of opeenvolgende skades op dieselfde land tot en met die 85% pluim, 60% baardstadium voorkom en wanneer skade vir die eerste keer na die 85% pluim - 60% baardstadium voorkom, word dit beskou as A-tipe haelskade. Waar haelskade voor die 85% pluim, 60% baardstadium voorgekom het en 'n verdere skade of opeenvolgende skades vind daarna plaas, of waar verdere haelskades voorkom na 'n A-tipe wat vir die eerste keer na die 85%, 60% baardstadium voorgekom het, word dit beskou as B-tipe haelskade.

Na die algemene taksasieprosedure word die persentasie stam-, kop-, en blaarskade bereken en bymekaargetel. Die pluimskade word by die kommersiële mielies in die meeste gevalle buite rekening gelaat.

Indien haelskade by saadmielies gedurende stuifmeelstorting voorkom, moet 'n voorlopige taksasie so spoedig moontlik na haelskade uitgevoer word ten einde te bepaal of daar enige wesenlike pluimskade is.

4.5 Die omvang van Sentraalwes se aktiwiteit ⁽¹⁾

Wat gewone korttermynversekering by Sentraaboer betref, word daar vandag besigheid gedoen met min of meer 7 500 lede, wat ongeveer 36 000 polisse uitmaak met 'n premie-inkomste van ongeveer R2 669 000. Wat oesversekering betref, is daar ongeveer 4 500 lede wat naastenby 10 000 polisse uitmaak en die premie-inkomste beloop ongeveer R4 559 400.

Die premie vir die afgelope vyf jaar word in die onderstaande tabel verskaf.

TABEL 5

Premie-omsette ten opsigte van algemene- en oesversekering

<u>Jaar</u>	<u>Algemene Versekering</u>	<u>Hael en Omvattende Versekering</u>
	<u>R</u>	<u>R</u>
1973/74	1 398 000	1 736 800
1974/75	1 510 000	2 451 000
1975/76	1 775 000	2 858 900
1976/77	2 341 400	4 240 000
1977/78	2 669 300	4 559 400
	<u>9 693 700</u>	<u>15 846 100</u>

1. Inligting verkry van die versekeringsafdeling van Sentraalwes.

Die persentasiestyging vir algemene versekering van 1973/74 tot 1977/78 is 91% en die styging by oesversekering bedra 162,5%.

4.6 Versekering van Sentraalwes se eie bates

Van die totale premie-omset van R8 591 400 van algemene versekering gedurende die 1977/78 seisoen bedra die premies van Sentraalwes se eie versekering R1 362 700. Premies op eie besigheid bedra dus 15,8%. Ons sien dat die versekering van Sentraalwes se eie bates 'n belangrike deel van die totale besigheid wat deur die koöperasie gedoen word uitmaak.

Die onderstaande tabel dui vir ons die styging van die premies ten opsigte van Sentraalwes se eie versekering aan en toon ook aan watter deel dit uitmaak van die premie-omset van oes- en algemene versekering.

TABEL 6

Premie-omset vir die afgelope vyf jaar ten opsigte van Sentraalwes se eie versekering, asook die totale premie-omset vir algemene- en oesversekering.

<u>Jaar</u>	<u>Eie Versekering</u>	<u>Algemene Versekering</u>	<u>Oesversekering</u>
1973/74	417 000	1 398 000	1 736 800
1974/75	543 500	1 510 000	2 451 000
1975/76	646 000	1 775 000	2 858 900
1976/77	880 000	2 341 400	4 240 000
1977/78	<u>1 362 700</u>	<u>2 669 300</u>	<u>4 559 400</u>
	<u>3 849 200</u>	<u>9 693 700</u>	<u>15 846 100</u>

Die versekering van die koöperasie se bates word gedoen deur senior mansklerke wat bygestaan word deur 'n dame. Die omvang van die werk maak dit gebiedend noodsaaklik dat die nodige inligting deur die ander afdelings van die maatskappy aan die versekeringsamptenaar gegee moet word. Die betrokke amptenaar voorsien die verskillende afdelings van Sentraalwes met deskundige advies in verband met hulle versekeringsbehoefte en hy plaas die nodige versekering soos aangevra by Sentraaboer.

Hierdie persoon is ook verantwoordelik om van tyd tot tyd inspeksie te doen

by alle takke van Sentraalwes ten einde te verseker dat alle nodige maatreëls getref word, en daar aan alle vereistes voldoen word soos deur Sentraboer voorgeskryf. Benewens die steekproewe wat deur die amptenaar van Sentraalwes gedoen word, besoek 'n inspekteur van Sentraboer die maatskappy in elk geval van tyd tot tyd en doen hy, tesame met die persoon verantwoordelik vir Sentraalwes se versekering, 'n omvattende inspeksie en word alle plekke besoek waar versekering gedoen word.

4.7 Vergoeding vir werwers

Die drie mees populêre metodes van vergoeding van verteenwoordigers is: salaris alleen, kommissie alleen of salaris plus kommissie.⁽¹⁾

4.7.1 Salaris alleen

Waar die vergoeding uit 'n salaris alleen bestaan, is die vergoeding beperk tot die voorafbepaalde bedrag wat daargestel is. Dit hou normaalweg nie verband met die graad van inspanning aan die kant van die verteenwoordiger nie, aangesien die insentief van 'n finansiële aanmoediging ontbreek om die werwer tot groter aansporing te voer, en bestaan die gevaar dat so 'n persoon gou in 'n gewone werksdaggroef kan verval, tensy die salaris sigself so aanloklik is dat dít as aansporing dien.

Deur die vergoeding tot 'n vaste salaris te beperk, word nie alleen die verteenwoordiger gepenaliseer in sy pogings om deur groter inspanning en die besondere vermoëns waaroor hy mag beskik 'n bykomstige inkomste te verdien nie, maar dit beteken ook dat die onderneming op sigself gekortwiek word omdat die maksimale potensiaalbenutting nie verkry word nie.

'n Verdere nadeel is die kwessie van beheermaatreëls en die daarmee gepaardgaande hoër koste ten einde te verseker dat die verteenwoordiger wat baie keer in 'n bepaalde area geplaas is en as reël nie onder toesig opereer nie

1. Le Roux, T, Werwersvergoeding.

sy werk behoorlik doen, in besonder die nastrewing van optimale markbesetting. Die probleem is ook teenwoordig by die twee ander tipes van vergoeding, hoewel nie in dieselfde mate nie.

4.7.2 Kommissie alleen

Waar vergoeding slegs uit 'n kommissie bestaan, ontvang die verkoopsman of verteenwoordiger gewoonlik kommissie as 'n persentasie op verkope.

Aangesien vergoeding hiervolgens as 'n reël direk verband hou met die graad van inspanning, is dit beslis die beste metode om optimale potensiaalbenutting te verkry alhoewel die gevaar bestaan dat die besigheid wat die werwer najaag om sodoende die groot moontlike inkomste te verdien terwyl die mark goed bly, ongewens mag wees vir die onderneming.

Dit is ongelukkig 'n situasie wat dikwels voorkom. Deurdat geen salaris betaal word waaraan vastigheid en sekuriteit gekoppel is nie, beskou die verkoopsman homself as "tydelik" en is sy hele uitkyk slegs op die korttermyn ingestel. In hierdie geval word hoofsaaklik 'n verkoopsfunksie verrig, terwyl daar van dienslewering weinig of geen sprake is nie.

4.7.3 Salaris plus kommissie

Die salaris plus kommissie is vandag verreweg die mees populêre metode by 'n onderneming.

Volgens hierdie metode ontvang die verteenwoordigers 'n basiese salaris, terwyl hy 'n verdere kommissie gebaseer op verkope ontvang.

Die salarisgedeelte verskaf aan die verteenwoordiger 'n mate van vastigheid en sekuriteit, terwyl die kommissiegedeelte die insentief verskaf om hom tot maksimale markbesetting aan te spoor. Op dié wyse baat verteenwoordiger, sowel as onderneming op die langeduur die meeste.

4.7.4 Sentraalwes se posisie

Sentraalwes betaal sy werwers salarisse alleen. Uit bogenoemde bespreking is daar duidelik gewys op die nadele van so 'n stelsel. Die rede hoekom daar van hierdie stelsel gebruik gemaak word en daar nie kommissie betaal word nie, kan wees dat gevoel word dat die vergoeding van werwers te groot word in vergelyking met hulle status. 'n Verdere rede is dat werwers hulle toespits op groot boere waar hulle weet die omvang van besigheid wat hulle doen is van só 'n aard dat hulle 'n aansienlike bedrag aan kommissie sal ontvang. Klein boere wat byvoorbeeld slegs een trekker het om te verseker, word glad nie besoek nie. Hierdie tyd word eerder spandeer om besigheid by groot boere te kry waar vooruitsigte vir groot kommissie teenwoordig is.

Wat die rede ookal mag wees indien optimale markbesetting verlang word en daar is geen kommissie as insentief om as aansporing te dien vir maksimale inspanning nie, sal die salaris die insentief moet wees. Dit sal meebring dat die werwers buitendien van die hoogs besoldigde amptenare sal wees.

Indien daar egter glad nie gedink word aan aansporing in die vorm van 'n groot salaris of kommissie nie, sal daar noodwendig beheermaatreëls ingestel moet word omdat daar verwag kan word dat werwers wat slegs 'n normale salaris ontvang, nie veel inspanning aan die dag sal lê nie en selfs dalk minder sal werk as wat die geval sou wees as hulle kommissie sou ontvang. Beheermaatreëls sal dus ingestel moet word om die werwer in 'n mate te verplig om 'n sekere hoeveelheid besigheid te doen, asook om diens te lewer aan alle lede, groot of klein. Beheermaatreëls kan beskou word as 'n plaasvervanger vir kommissie; by eersgenoemde word die werwer deur middel van toesig verplig om sy beste te lewer, terwyl hy by laasgenoemde dit uit sy eie doen omdat hy kommissie ontvang.

Die nadeel van beheermaatreëls is dat dit addisionele koste teweegring. Die voordeel wat uit die beheer verkry word, moet dus van so aard wees dat die koste daaraan verbonde geregverdig is.

Myns insiens sou die beste oplossing wees om 'n vaste salaris, sowel as aansporingsbonus te betaal. Vir alle versekering wat 'n werwer bo 'n voorafbepaalde kwota skryf, ontvang hy 'n aansporingsbonus. Die grootte van die bonus kan bepaal word op 'n basis van hoe ver die kwota oorskry word. Volgens hierdie metode sal die omvang van aansporingsvergoeding beperk word omdat nie op alle besigheid kommissie betaal word nie, terwyl daar nog steeds 'n aansporingsvergoeding is in die vorm van 'n bonus wat die werwer sal motiveer tot maksimum werkverrigting.

4.8 Beheermaatreëls

Omdat die insentief by die vergoedingstelsel weggeneem is, naamlik kommissie, is dit uit die aard van die saak 'n vereiste om sekere beheermaatreëls in te stel ten einde kontrole uit te oefen dat die maksimum produktiwiteit en doeltreffendheid gehandhaaf word. Kontrole oor kantoorpersoneel is nie 'n probleem nie, maar die aard van die werwers se werk maak kontrole oor hulle werksaamhede baie moeilik.

Om die werwer se werk te kontroleer, moet 'n weeklikse rapport van hulle werk ingelewer word. Die werwers wie se gebiede naby hoofkantoor is, kom gewoonlik die eerste dag van die week in om hulle verslae in te lewer. Die wat te ver is, pos hulle verslag en kom een keer elke maand in hoofkantoor toe wanneer daar dan samesprekings gevoer word met die hoof van die versekeringsafdeling oor die werk in die algemeen en probleme wat dalk ontstaan.

By hoofkantoor word die werwer se werk nagesien en 'n opsomming word maandeliks verstrekk. 'n Opsomming van alle nuwe versekeringsbesigheid (premies gevorder) word opgestel ten opsigte van elke werwer en dit word vergelyk met dieselfde maande die vorige jaar. Daar word ook statistieke opgestel van die versekeringspremies wat na die verskeie takke toegedeel is om die stand van die takke in omsetvolgorde te bepaal.

'n Staat met inligting oor elke werwer word opgestel en hieruit kan bepaal word wat elke werwer doen. Inligting wat op hierdie staat verskyn is die aantal dae wat werwing gedurende die maand gedoen is, die aantal lede besoek, voorlopige dekking en opdragte ontvang en uitgevoer, nuwe besigheid gewerf en hoeveelheid premies gevorder. Hierdie syfers word per maand gegee, asook 'n kumulatiewe syfer. Wanneer die werwers weekliks of drie-maandeliks inkom, word die opsomming met hulle bespreek en moontlike probleme word opgelos.

Nog 'n beheermaatreël wat gebruik word, is begrotings. Hier word beheer uitgeoefen oor aktiwiteite van die kantoor self. Daar word kwartaalliks afgesluit, werklike syfers word met die begrote syfers vergelyk en afwykings word bepaal en verklaar.

4.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar in die eerste plek 'n uiteensetting gegee van die organisasie van die versekeringsafdeling. Ná die organisasie van die afdeling is daar gekyk na die prosedure wat gevolg word by die plasing van versekering. Die prosedure wat by Sentrales en Sentrales gevolg word, word apart behandel omdat die tipe versekering wat die twee organisasies aanbied verskil. Na die prosedure wat gevolg word by die plasing van versekering is daar aandag gegee aan die afhandeling van eise. Hier is daar ook wesenlike verskil tussen eise van Sentrales en Sentrales. By die laasgenoemde koöperasie is die proses wat gevolg word om die skade te bepaal baie langer en ingewikkelder.

Behalwe om versekering aan boere te bied, verseker Sentrales self ook by Sentrales. As daar gekyk word na die tabel 6 kan ons sien hoe 'n groot deel Sentrales se eie versekering uitmaak van die totale versekering wat by Sentrales geplaas word.

Ten slotte is daar gekyk na die vergoedingstelsel vir werwers, asook die beheermaatreëls oor werwers, twee onderwerpe wat eintlik hand aan hand gaan.

H O O F S T U K 5

PROBLEME WAARMEE DIE KOÖPERASIE TE DOEN HET BY DIE AANBIEDING VAN VERSEKERING

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk het ons gekyk na die versekeringsaktiwiteite van Sentraalwes. In hierdie hoofstuk gaan die probleme bespreek word waarmee die koöperasie te doen kry in sy werksaamhede om versekering vir Sentraaboer en Sentraoes aan te bied.

Die vernaamste probleme is die kwessie van mededingers, kommunikasie met polishouers, die riskantheid van sekere polisse in die portefeulje, die bemarking van versekering, afhandeling van eise, wetlike beperkings en die tipe polis wat deur Sentraaboer aangebied word. ⁽¹⁾

5.2 Mededinging

Die uitgestrektheid en die yl bevolking van die platteland was in die verlede 'n rede waarom die meeste korttermynversekeraars nie belanggestel het in die korttermyn versekeringsbehoefte van die boer nie. Dit was ook so dat die afgelope aantal jare gekenmerk was deur geweldige prysstygings in die toerusting wat deur boere gebruik word, soos byvoorbeeld trekkers en implemente. Die boer is afhanklik van die kapitaal van ander instansies en die betrokke finansieringsmaatskappye dring daarop aan dat die nodige versekering uitgeneem moet word al is dit net vir die termyn van huurkoop. As gevolg van hierdie skynbaar groter mark en ook omdat die stedelike mark redelik volskryf is, het baie korttermynversekeraars hulle skrede na die platteland gewend.

Makelaars en veral dié van die Handelsbanke het ook al meer en meer

1. Inligting is hoofsaaklik verkry van die versekeringsbestuurder van Sentraalwes Koöperasie.

tot hierdie deel van die mark begin toetree. As gevolg van die redelike swak ekonomiese toestande het hulle leë kapasiteite wat hulle probeer aanvul deur versekering.

Hierdie mededinging het tot gevolg gehad dat daar in die hele korttermyn versekeringsmark 'n prysoorlog aan die gang is, wat vir die bedryf soos enige ander prysoorlog, nie tot voordeel sal wees nie. Aangesien die boer se versekering grotendeels deur die twee koöperatiewe sentrales gedoen is, veroorsaak hierdie mededinging 'n redelike groot omswaai na buite-instansies. Hierdie buite-instansies bied oënskynlik 'n goedkoper premie aan om sodoende 'n deel van die mark te bekom, maar dit is egter onwaarskynlik dat die lae tariewe oor die langtermyn gehandhaaf sal word.

Die mededinging is tussen die koöperasie aan die een kant wat 'n suiwer agent is van die hoofmaatskappy, en die makelaars aan die ander kant wat 'n hele groep maatskappye verteenwoordig.

Koöperatiewe versekeraars kan nie vandag 'n laer prys kwoteer en mōre die prys verhoog indien dit blyk dat die betrokke portefeulje 'n verlies gaan wys nie. Die makelaar aan die ander kant kan van maatskappy verwissel sonder dat sy kliënt daarvan bewus is, omdat sy kliënt gewoonlik net belangstel dat sy goed verseker word en nooit veel omgee by wie die makelaar dit doen nie.

Oesteversekering het sy ontstaan te danke aan koöperatiewe versekering. Oor baie jare is risiko's gedra, navorsing teen groot bedrae geld is gedoen en daar is geen bydrae deur ander maatskappye gemaak nie. Hierdie maatskappye tree nou toe tot die mark, alhoewel hulle geen ondervinding van landbouversekering het nie en as gevolg van die feit dat hulle geen navorsing en ander koste gehad het soos in die geval van die koöperatiewe sentrales wat reeds van die

vroegste jare hierdie tipe versekering aanbied en reeds goeie statistieke en rekords opgebou het. Ander versekeringsmaatskappye kan hulle premies verlaag aangesien hulle dit kan bekostig, terwyl Sentrales en Sentrales reeds versekering aanbied teen die laags moontlike tarief gebaseer op ondervinding uit die verlede.

5.3 Kommunikasie met polishouers

'n Baie groot probleem by koöperatiewe versekering is die gebrekkige kommunikasie tussen die koöperasie en die polishouer.

Die fyndruk van die polis is gewoonlik die kern van die ooreenkoms tussen die versekerde en die versekeraar. Dit is daarom baie belangrik dat die versekerde deeglik bewus is van die voorwaardes van sy polis. Baie boere lees nie die voorwaardes van die polis nie en indien daar later skades ontstaan wat uitgesluit word onder die voorwaardes, of sekere vereistes is nie nagekom nie en die koöperatiewe sentrale weier om uit te betaal, dan is daar ontevredenheid by die polishouer en gewoonlik word die koöperatiewe versekeraar dan beskou as die skuldige party.

'n Oplossing vir die probleem sou miskien wees om soos die verteenwoordigers van lewensversekeringsmaatskappye die polis sodra dit ontvang word, self aan die versekerde te oorhandig en kortliks dan die inhoud van die polis met hom te bespreek. Indien dit moontlik is om hierdie prosedure te volg, kan die boer dan pertinent gewys word op sekere voorwaardes wat al in die verlede probleme veroorsaak het. Weens die omvang van die gebied wat gedek word, die groot aantal polishouers per werwer en die min tyd tot hulle beskikking, is so 'n metode by korttermynversekering nie prakties uitvoerbaar nie.

'n Ander moontlike oplossing vir hierdie probleem is dat wanneer die aansoek by die lid geskryf word die volle inhoud van die polis wat hy nog moet ontvang, aan hom verduidelik moet word.

Nog 'n probleem wat voortspruit uit die gebrekkige kommunikasie met polishouers is die feit dat polishouers weggerokkel word met allerhande voordele wat kwansuis nie deur die koöperatiewe sentrales aangebied word nie. Wat werklik die geval hier is, is die voordele wat Sentra-boer of Sentra-oes bied net so goed of dalk beter is, maar dat die boer nie op hoogte is van al die voordele wat sy polis hom bied nie.

Dit sal 'n oplossing wees indien boereverenigings en ander samekomste waar boere teenwoordig is, toegesprek word deur 'n persoon wat 'n deskundige op die gebied van koöperatiewe versekering is. Hierdie persoon kan dan die voordele wat gebied word uitwys, en die verskil tussen wat die koöperatiewe versekering vir die boer inhou teenoor ander versekering onder die boere se aandag bring.

5.4 Die riskantheid van sekere polisse in die portefeulje

Omdat koöperatiewe versekering toegespits is op die boer met sy risiko's, moet die hele portefeulje van die boer verseker word en nie net die minder riskante risiko's nie.

Dit gebeur dikwels dat buite-instansies die minder riskante versekering van die boer wil doen, maar nie baie gretig is om die riskante deel ook te neem nie.

By oesversekering verskaf die koöperasie versekering vir hael, sowel as omvattende versekering. In hierdie geval is omvattende oesversekering die meer riskante gedeelte van die versekering. Ook hier is die koöperasie verplig om al die risiko's van die boer te dek, terwyl ander instansies slegs versekering teen haelskades bied sonder om versekering vir die meer riskante naamlik omvat-

tende oesversekering te verleen.

5.5 Die bemarking van versekering

Bemarking is seker een van die belangrikste take by versekering omdat die vooruitgang van 'n versekeringsmaatskappy afhang van die omvang van die polisse wat hy uitreik. Die omvang van die polis wat uitgereik word, hang af van hoe goed die maatskappy sy versekering bemark. Hoe swakker die bemarking is, hoe swakker sal die versekeringsmaatskappy se eindresultate wees.

Hierdie aspek by koöperatiewe versekering is miskien te veel oorgelaat aan die lidkoöperasies self. Die meeste lidkoöperasies se versekeringsdepartemente is klein en het ook nie die nodige opgeleide personeel nie.

Omdat baie koöperasies nie groot en voldoende toegeruste versekeringsafdelings het nie, is dit noodsaaklik dat die sentrale self met die bemarking van sy polisse betrokke moet wees deur byvoorbeeld die aanstelling van 'n gekwalifiseerde bemarkingsbestuurder wat behulpzaam kan wees met veral die opleiding van veldpersoneel.

Die bemarking soos gedoen deur die koöperasie kan 'n baie groot persentasie van die totale koste van die afdeling uitmaak omdat werwers in die veld 'n intensief moet hê in die vorm van 'n kommissie, of dan die alternatief, naamlik 'n baie hoë salaris.

Die betaling van 'n kommissie het 'n besliste nadeel, naamlik dat verteenwoordigers alles in die stryd werp om sy kommissie-inkomste te verhoog en daardeur diens aan die boer inboet. Die groot boer sal getrou besoek word, terwyl die klein boer verwaarloos sal word, om-

dat nie soveel besigheid by hom geskryf kan word nie en die kommissie derhalwe ook baie minder is.

Die betaling van 'n salaris sonder 'n insentief sal veroorsaak dat 'n metode gevind moet word om die nodige toesig uit te oefen oor die werksaamhede van die werwers. Juis in hierdie opsig sal die dienste van 'n bemarkingsbestuurder met sy kennis goed te pas kom. Hy kan die nodige maatreëls in die bemarkingsstelsel inbou sodat daar op 'n geordende wyse toesig gehou kan word oor die bemarking van polisse.

Bemarking is nie altyd direk toegespits op die boer nie. Daar word meer gesteun op die optrede van die boer self wat indien hy 'n behoefte het aan versekering, dit by die tak kom aanmeld. Die werwer reageer dan hierop en besoek die boer om versekering vir hom aan te bied.

Die werwer moet die boere meer gereeld besoek al het hulle nie navraag gedoen vir versekering nie. Die werwer kan dan die portefeulje van die boer deurgaang en hom wys waar dit nodig is om addisionele versekering uit te neem, of hy kan die boer van informasie voorsien oor bates wat verseker moet word wat nie verseker is nie. Dit sal ook goed wees indien werwers 'n kwotasie gee aan boere wat nie van koöperatiewe versekering gebruik maak nie en hulle polisvoorwaardes vergelyk met die van Sentra-boer en Sentra-oes. Hieruit sal boere dan kan aflei watter voordeel dit vir hulle inhou om eerder by die koöperasie te verseker as by 'n ander instelling.

5.6 Die afhandeling van eise

Een van die grootste probleme by koöperatiewe versekering is die gebrek aan persoonlike kontak tussen die boer, die koöperasie en die sentrale.

In soverre dit die koöperasie betref, is die boer 'n lid van die koöperasie en daarom word sy belange vooropgestel. Die koöperasie bestaan tog uit sy lede en sy voortbestaan hang af van sy lede. Wat die koöperatiewe versekeringssentrale betref, is die boer by hom net 'n polishouer, met ander woorde, net 'n nommer.

Wat die boer betref, doen hy sy besigheid met die koöperasie en hy weet of niks van die sentrale of hy wil voorgee dat hy nie sy besigheid by die sentrale doen nie, maar by die koöperasie. Hierdie drie uiteenlopende sienings moet versoen word en dit kan alleen gedoen word deur die koöperasie. Die versekeringsdepartement van die koöperasie moet die belange van die boer behartig by die twee versekeringsentrales sonder om die sentrale se beginsels te na te kom.

Die koöperasie tree dus op as middelman, vir Sentrabouer en Sentra-oes, asook vir die boer. Hy moet dus twee partye tevrede stel sonder om een ten koste van 'n ander te bevoordeel.

Wat die afhandeling van eise betref, is daar 'n geringe mate van vertraging. Hierdie vertraging kan toegeskryf word aan die feit dat die koöperasie en die sentrale nie bymekaar is nie en daar sal dus noodwendig 'n tydsverloop wees tussen die tydstip wat die eis ingestel word en die tydstip waarop dit uitbetaal word. Die vertraging kan ook ontstaan as gevolg van die prosedure by die indiening van eis. Die eis word deur die polishouer by die naaste takkantoor ingedien wat dit dan aan hoofkantoor stuur. Die hoofkantoor stuur dit op sy beurt weer aan die betrokke sentrale. Die sentrale moet dan 'n assessor aanstel wat die eis moet bemiddel. Hierdie effens lang prosedure, alhoewel absoluut noodsaaklik vir die

ordelike afhandeling van eise, word nie altyd deur die polishouer verstaan nie.

5.7 Wetlike beperkings

Volgens die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939, soos gewysig, word die koöperasie in sy optrede as agent sowel as die koöperatiewe sentrales beperk ten opsigte van die versekering wat hulle mag aanbied, sowel as wie se versekering hulle mag onderneem.

Volgens artikel 7(1) van die Wet word die koöperasie toegelaat om versekering van oeste, produkte, lewendehawe, geboue op plase of landbougereedskap en -masjinerie, of die ander versekering wat die Minister goedkeur volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit of om as agent vir enige van sy lede ten opsigte van sodanige versekering op te tree.

Ministeriële goedkeuring is verleen dat koöperatiewe versekeraars die volgende bykomende tipes van versekering ten behoeve van sy lede mag onderneem, of as agent van sy lede mag optree ten opsigte van sodanige versekering.⁽¹⁾

- (i) inhoud van alle geboue op plase, insluitende woonhuise;
- (ii) persoonlike ongevallen van die boer;
- (iii) die boer se huis op die dorp en die inhoud daarvan;
- (iv) handelskoöperasies se eiendom en enige ander versekering benodig in verband met hul doelstelling;
- (v) eiendom van landbou-unie, landbouverenigings, boere-unies en boereverenigings;

(vi) derdepartyversekering;

(vii) persele en toerusting uitsluitlik deur die boer gebruik vir die afset van oeste, produkte, lewende hawe en lewendehawe produkte in onverwerkte vorm.

Goedkeuring word ook verleen om goedgekeurde versekering van die volgende nie-lede te onderneem:

(i) personeellede van die Sentrale Raad vir Koöperatiewe Assuransie Beperk;

(ii) Landbou-unies, landbouverenigings, boere-unies en boereverenigings;

(iii) amptenare van landbou-unies, landbouverenigings, boere-unies, en boereverenigings;

(iv) amptenare van lede-koöperasies;

(v) beheerrade

(vi) handelskoöperasies en lede van handelskoöperasies;

(vii) amptenare van handelskoöperasies;

(viii) algemene publiek ten opsigte van derdepartyversekering.

Alle versekering en persone wat buite hierdie bepaling val, mag nie verseker word of versekering verkry by 'n koöperatiewe vereniging nie. Die koöperasie is dus beperk ten opsigte van sy versekering wat hy mag aanbied. Hierdie beperking is veral nadelig gesien in die lig dat al hoe meer buite-instansies begin toetree tot landbouversekering, terwyl dit feitlik die enigste mark vir die koöperasies is.

5.8 Tipe polis wat aangebied word

'n Verdere leemte wat bestaan het by koöperatiewe versekering, was die kwessie van die aparte polisse vir afsonderlike bates. Die portefeulje van Sentra-boer bestaan uit 'n hele aantal polisse of risiko's wat gedek word. By die boer wat uit die aard van sy bedrywighede nie altyd die tyd het vir rekordhouding nie, skep die groot aantal polisse 'n probleem. Indien een polis uitgereik word vir

die hele portefeulje van die boer sal die probleme uit die weg geruim word. Gesien van die kant van die koöperasie sal daar 'n groot verligting wees ten opsigte van administrasie indien slegs een polis uitgereik word. Daar kan net genoem word dat die plan om so 'n kombinasiepolis op die mark te bring reeds in 'n gevorderde stadium is en dat die polis binnekort vir polishouers beskikbaar sal wees.

5.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die probleme wat ter sprake kom by die aanbieding van versekering deur Sentraalwes.

Eerstens is daar die kwessie van mededinging. Al hoe meer gewone versekeringsmaatskappye tree toe tot die mark vir landbouversekering. Hierdie toetrede het tot gevolg dat daar in die korttermynversekeringsmark 'n prysoorlog aan die gang is wat tot nadeel van die bedryf is. Tweedens kry ons die probleem van die gebrekkige kommunikasie met polishouers. Polishouers is dikwels nie op hoogte van wat in hulle polis staan nie. Derdens is daar die kwessie van die groot risiko's verbonde aan die versekering wat deur die versekeringskoöperasies aangebied word. Verder is daar die kwessie van bemaking waaraan daar tot op hede nog min aandag gegee is. Die afhandeling van eise is nog 'n probleem, veral omdat daar soveel partye betrokke is by koöperatiewe versekering. Daar is ook nog sekere wetlike beperkings wat koöperatiewe versekeraars opgelê is ten opsigte van persone aan wie hulle versekering mag bied. Ten slotte bied die tipe polis wat deur Sentraalwes uitgereik word 'n verdere probleem. Hierdie probleem sal egter binnekort met die uitreiking van 'n kombinasiepolis uitgeskakel word.

H O O F S T U K 6

SAMEVATTING

6.1 Die aard, omvang en belangrikheid van versekering

Die groot aantal risiko's waarmee mens gedurig te doen kry, maak dit noodsaaklik om versekering uit te neem ten einde 'n mate van beskerming te kry teen verliese wat moontlik kan ontstaan. Versekering is dus 'n plan waarvolgens risiko's saam gegroepeer word en 'n fonds uit periodieke bydraes van die individue opgebou word. Skades wat gely word, word dan uit die fonds betaal.

Versekering hou belangrike voordele vir die individu, sowel as vir die gemeenskap in. Versekering bring sekerheid by besigheidsaktiwiteite en dit verhoog die onderneming se doeltreffendheid. Versekering dra verder ook by tot die regverdige verdeling van koste, dien as basis vir krediet, maak spare moontlik en bevorder spaarsin.

Versekering is gebaseer op risiko, want dit is risiko's waarteen verseker word. Ons kry verskillende tipes risiko's soos persoonlike risiko's, eiendomsrisiko's, risiko's wat ontstaan uit wettige verpligtinge en landbourisiko's. Aangesien die studie handel oor koöperatiewe versekering en spesifiek versekering van die boer, is dit veral landbourisiko's wat van groot belang is. Landbourisiko's word verdeel in natuurlike risiko's, sosiale risiko's en ekonomiese risiko's afhangende van die oorsaaklike faktore.

Koöperatiewe versekering geskied volgens koöperatiewe beginsels. Koöperatiewe versekeringsorganisasies word vrywillig gestig in belang van lede, en hulle word beheer deur 'n bestuur wat deur lede gekies word. Die maatskappy word dus op 'n demokratiese wyse bestuur.

By koöperatiewe versekering word versekering by die plaaslike landboukoöperasie

gedoen en lede kan nie direk na die koöperatiewe versekeringsorganisasie gaan nie. Koöperatiewe versekering verrig 'n baie belangrike funksie nie net vir die boer nie, maar ook vir die gemeenskap.

6.2 Koöperatiewe versekeringsorganisasies

Die veld wat deur koöperatiewe versekering gedek word, is wyd en ons kry oorsee dat verskeie verbruikerskoöperasies en vakbonde dié tipe van versekering aanbied.

In Suid-Afrika tref ons twee koöperatiewe versekeringsorganisasies aan, naamlik Sentraoes en Sentraboer. Sentraoes het ontstaan toe die haelversekerings-aktiwiteite van Boerehael Assuransie Koöperatiewe Maatskappy, sowel as dié van Sentrakas in een organisasie saamgevoeg is. Benewens haelversekering bied Sentraoes ook nog 'n omvattende oesversekeringspolis aan wat 'n baie belangrike tipe versekering vir boere is, veral vanweë die wisselende klimaatstoestande in Suid-Afrika. Die premie van hierdie tipe versekering is aansienlik hoër as gewone haelversekering as gevolg van die groter riskantheid daaraan verbonde.

Nadat die versekering van haelskade na Sentraoes oorgedra is, en Sentrakas alle ander korttermynversekering gedoen het, is die werksaamhede van die Boere Koöperatiewe Versekeringsmaatskappy by die werksaamhede van Sentrakas ingelyf en Sentrakas se naam het toe verander na Sentraboer. Sentraboer doen vandag al die boer se korttermynversekering, behalwe oesversekering. 'n Belangrike ontwikkeling by Sentraboer is dat daar binnekort 'n kombinasie-polis op die mark gebring gaan word, wat heelwat voordele vir die polishouer sowel as die organisasie gaan inhou.

6.3 Versekeringsaktiwiteite van Sentraalwes en probleme wat ondervind word by die aanbieding van versekering

Sentraalwes as plaaslike landboukoöperasie tree op as een van die agente vir

Sentraboer en Sentraoes. Sentraalwes stel op sy beurt werwers aan wat elk in 'n bepaalde gebied optree en die versekeringsbehoefte van boere in daardie gebied behartig. Aansoek om versekering, sowel as eise wat ingestel word, word via die verskillende takke en werwers by die versekeringsafdeling van Sentraalwes se hoofkantoor ingehandig wat dit dan aan Sentraboer of Sentraoes oorhandig vir afhandeling.

Behalwe versekering wat aan die boer aangebied word, verseker Sentraalwes sy eie bates ook by Sentraboer. Hierdie versekering van eie bates maak 'n aansienlike deel uit van die totale versekering wat by Sentraboer geplaas word.

Die vergoedingstelsel van werwers is 'n aspek waaroor daar heelwat verskillende menings is. Indien daar van 'n stelsel gebruik gemaak word waar daar geen aansporing in die vorm van 'n kommissie is nie, is dit belangrik dat beheermaatreëls ingestel word omdat die eie inisiatief weggeneem word en dit kan lei tot 'n verslapping in werksaamhede.

Daar is nog heelwat probleme by koöperatiewe versekering wat hopelik mettertyd uitgeskakel sal word. 'n Groot nadeel waarmee die koöperatiewe organisasies te doen het, is die swak mededingingsposisie wat hulle beklee teenoor ander gewone versekeringsmaatskappye. Die wye gebiede wat gedek word, bring ook die probleme van gebrekkige kommunikasie mee. Daar is verder ook nog die probleem van die riskantheid van sekere polisse, die bemerking van versekering, die afhandeling van eise en die wetlike beperkings wat op die koöperatiewe organisasies gelê word.

Die probleem van die tipe polis wat Sentraboer aanbied, sal binnekort uitgeskakel wees as gevolg van die nuwe kombinasiepolis wat uitgereik gaan word.

Ten slotte kan mens noem dat dit miskien nodig is dat daar onderhandelinge gevoer behoort te word oor die moontlike amalgamasie tussen Sentraboer en Sentraoes, veral as die voordeel wat dit vir koöperatiewe versekering in

geheel sal inhou in gedagte gehou word.

LITERATUURLYS

Riegel, R. and Miller, J.S. Insurance principles and practices. New York, Prentice-Hall, Inc., 1949.

Denenberg, H.S. e.a. Risk and insurance. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., 1964.

Williams, C.A. and Heins, R.M. Risk management and insurance. New York, McGraw-Hill, 1964.

Lucas, G.G.R. and Wherry, R.H. Insurance principles and coverages. New York, 1965.

Barou, N. Co-operative insurance. New York, 1966.

Willet, A.H. The economic theory of risk and insurance. Reprint. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1951.

Garnet, R.G. A century of co-operative insurance. London, Allan and Unwin, 1968.

Van Barneveld, H. Algemene assurantiekennis. S'Gravenhage, Nijhoff, 1972.

Kaarletho, P. On the economic nature of co-operation. Uppsala, 1956.

Jacobs, D.J.L. Die aard van koöperasies. (Ongepubliseerde M Com - skripsie. P.U. vir C.H.O., 1966)

Bos, C.J. Sentraalwes as landboukoöperasie. (Ongepubliseerde M Com - verhandeling. P.U. vir C.H.O., 1956).

Pretorius, A.M. Sentrale Landboukoöperasies met besondere verwysing na die sentrale versekeringskoöperasie in Suid-Afrika. (Ongepubliseerde proefskrif. P.U. vir C.H.O., 1968)

Du Plessis, J.J. Versekeringswese in Suid-Afrika. (Ongepubliseerde M Com - verhandeling. P.U. vir C.H.O., 1958)

Koöperatiewe Wet. Wet No. 29 van 1939 soos gewysig.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Inleiding tot die Koöperasiewese. 1966.

Jaarverslae. Sentraboer en Sentraoes.

Sentraalwes-Bulletin.